

Hoofstuk 1.8

KORT TUSSENSPEL (1919 – 1921): “VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS”



“Die Raad moet voor die Kollege ‘n selfstandige status verkrij. K.H.O. stel eise aan die Professeure, maar aan die eise kan nie behoorlik voldoen word nie as die Professeure nie ‘n eie leerkursus kan vasstel nie. Op die oomblik is die Professeure hande en voete gebonde aan wat hulle elders voorgeskryf word. Hier is die band wat knel ... Opheffing van hierdie band moet gesoek word sonder dat ons ons beginsels moet prijs gee en ‘n selfstandige status moet vir ons Kollege verkrij word. Dit sal strijd kos, veel moeite en opoffering, maar met Gods hulp en met die ondersteuning van die vrinde in ons land vir K.H.O. sal die Raad in staat gesteld word om ‘n selfstandige status vir die P.U.K. te verkrij en so die grondslag te lê dat wanneer misskien weer ‘n jubileum gevier word op die ou grondslag sal verrijs het ‘n KRISTELIKE UNIVERSITEIT.”

- Ferdinand Postma, Jubileum feesviering November 1919

“Ons lewe nou in ‘n tyd van aksie en lewensstroom. Alles gaan met spoed. Daar is byna geen tyd vir besinning nie. Elkeen moet gereed wees vir aksie en as hy nie staan op ‘n vaste rots van beginsels nie, dan word hy gedwing om opportunis te word ... Ons word gedwing om te sê ja of nee. Ons moet of meegaan of ons moet stilstaan. Die trompet moet blaas: “Voorwaarts”! of “Halt”! ... Voor nuwe dinge het ons kom te staan.”

- Prof JA du Plessis oor Sinode 1920



1.8.1 Nuwe bedeling ... wolk van onsekerheid

Dit is tog ietwat vreemd. 23 Julie 1919, die dag waarna so reikhalsend uitgesien is, het aangebreek en die droom waarvan só baie só lank gedroom het – 'n eie Christelike universiteitskollege – is bewaarheid. Maar van feesvieringe en vreugde is daar nouliks sprake, net hier en daar het 'n ietwat gedempte stemmetjie gewaag om betekenis aan die dag toe te ken.

Die Senaat het die vorige dag vergader en normale sake hanteer, enkele versoek aan die nuwe Raad neergestip en prof SO Los aangewys as hul verteenwoordiger op die Raad, om namens die Senaat 'n welkomswoord uit te spreek.¹ Op raadsvlak het dit ook maar so-so gegaan. Vier van die ses kuratore-benoemdes, di JA du Plessis en DN Kotzé en mnre P Stoker, sakeman van Johannesburg, en PL Yssel, boer van Ventersdorp, is tydens die eerste sitting aanwesig terwyl die ander twee, ds NH van der Walt en prokureur P Lion Cachet met kennisgewing as afwesig aangeteken word. Die twee wat die regering moes verteenwoordig, is nog nie benoem nie. Sekretaris van die Senaat, ds WJ de Klerk, en prof Los as Senaatsverteenvwoordiger asook kuratorevoorsitter ds Petrus Postma maak dit darem 'n sewetal wat in hierdie historiese byeenkoms deel.

Ds Postma, voorsitter van die Kuratorium, was aanvanklik in die stoel. Vir hóm, wat volgens eie aanspraak altyd die Literariese Departement en die Teologiese Skool van dieselfde gewig en belang geag het en daarom ook sy kragte ingespan het om eersgenoemde uit te bou, was dit 'n blye dag: "Ons was altijd swak, en nou is ons met die subsidie versterk om onse beginsels voort te plant. Dit sal van die Raad afhang, hoe die beginsels gehandhaaf word."²

Ds JA du Plessis is hierna as eerste voorsitter aangewys en ds De Klerk sou ook as sekretaris van die nuwe Raad optree. Ds Petrus Postma is gevra om vanaf Februarie 1920 as registereur op te tree.³ Die regering se twee verteenwoordigers, kol IJ Meyer en mnr JP Nel, albei bekende prokureurs op die dorp, sou eers by latere vergaderings toetree.⁴

Prof Los, rektor van die Teologiese Skool, het namens die Senaat die woord gevoer en was baie positief. Hy is dankbaar om 'n opbloei in die Christelik nasionale beginsels te bemer – die nuwe onderwyswet bring mee dat ouers ter wille van hierdie beginsels hul kinders hierheen stuur. Die studentetal staan al byna op 40, deel hy die nuwe beleidmakers mee.⁵

Ná hom het die pasverkose voorsitter, ds JA du Plessis, soos ds Petrus Postma ook 'n voormalige professor in die Literariese Departement, die woord geneem: "Ons staan op 'n keerpunt ... Vir drie jaar is die Kollege aan



1.8.1

Ds JA du Plessis (links) is op 23 Julie 1919 as eerste voorsitter van die Raad en Prof Ferdinand Postma as eerste rektor van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir K(C)hristelike Hoër Onderwys aangewys.

onse sorg toevertrouw. Ons sal onse bes doen om die inrigting in bloei te hou, en voortbou op die fondament wat gelê is." Synde nog gevestig in 'n woonhuis, het Du Plessis die hoop uitgespreek dat 'n eie gebou spoedig verkry sou word.⁶

Hierna word 'n aanbeveling van die Senaat behandel en word Ferdinand Postma as eerste rektor van die PUK vir KHO aangewys, persoonlik ingeroop en van harte gelukgewens.⁷ Daarmee was dit oor na algemene administratiewe en beleidsake.

Aan die studentefront was die nuwe groei en ontwikkeling iets om toe te juig, hoofsaaklik omdat daar besluit is om 'n aparte "kollege-gebou" op te rig: "In ons verbeelding sien ons ook al 'n Studente-Saal met canape's en leuningstoele, waar die Studente gesellig kan bypeenkomen en die nog swakke saamhorigheidsgevoel aankweek. Of die saal van ons verbeelding werkelikheid gaan word !!". Die hoop word darem uitgespreek dat die innerlike groei tred sal hou met die uiterlike uitbreiding "en dat die P.U.K. 'n onoorwinnelike fort sal word vir die Kristelike Wetenskap".⁸

Die losmaking van die Literariese of Kollege Departement van die Teologiese Skool en die gepaardgaande formele beslaggewing aan die "Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelike Hoër Onderwys" was enersyds die direkte gevolg van die onvermoë van die Gereformeerde kerkverband om die steeds toenemende finansiële verpligte van hierdie eie maaksel te kon dra. Aan die ander kant was dit 'n baie logiese ontwikkeling, deels in lyn met en ter verwesenliking van die lank gekoesterde ideale van



manne soos Totius, Ferdinand Postma en ander dosente en belanghebbendes.

Die nuwe universiteitskollege se toetrede tot die universitaire toneel was nie 'n pad van maanskyn en rose nie en 'n wolk van onsekerheid het steeds oor sy hoof gehang, te wyte aan die dubbelslagtigheid ten opsigte van sy wese en aard.

Hoewel formeel afgeskei van die Teologiese Skool en dus nie meer onder direkte beheer van die Gereformeerde Kerk nie, het die kerk tog deur middel van die kuratore en die sinode steeds die vernaamste sê gehad en sou aspekte soos inkorporasie en die houding jeans die gewetensklousule voorlopig steeds op sinodale vlak beredeneer en beslis word.

Die tydelike aard van die regering se geldelike hulpverlening en die onruswekkende vooruitsig van moontlike, dalk onvermydelike onderwerping aan die gewraakte gewetensbepaling as die respytermyn verby is, het ongetwyfeld 'n demper geplaas op die gemoedere van diegene wat dit erns gemaak het met die handhawing van die karakter van die inrigting. Daar is seker wel deeglik besef dat huis hierdie strewe die groot struikelblok sou wees. Maar daar was darem in hierdie tyd iets om oor fees te vier ...

1.8.2 Jubileumfees 29 November 1919

In November 1919 het die Teologiese Skool as moederinstansie onder wie se vlerk die pasgestigte universiteitskollege oor al die jare heen geskuil en gegroeи het, haar vyftigste bestaansjaar gevier. Die band was nie finaal deurgesny nie en dit was 'n vanselfsprekendheid dat die nuutgestigte PUK vir CHO intens by die verrigtinge betrek sou wees.

Met die Jubileumfonds se aanvanklike mikpunt van £10 000 verbygesteek, was die feesvieringe van die Teologiese Skool 'n vreugdevolle en luisterryke gebeurtenis.⁹ Vir die lang lys van afgevaardigdes en die talle besoekers, ruim 300 mense, was dit soos 'n reünie, daardie Vrydagmiddag 28 November dáár "onder die groot groen eikebome, met jeugdige wingerd ranke en groen gras en lusern-velde rondom die huis vroeër bewoon deur Pres. Pretorius". Toesprake, boodskappe, verversings en musiek wissel mekaar af en skep 'n egte feesatmosfeer.

In 'n tyd toe motors nog maar 'n rariteit was, wou prof SPE Boshoff verdere luister aan die byeenkoms verleen deur 'n motorrit tydens die feesvieringe te reël.¹⁰ Of hierdie motorskou of plesierrit gerealiseer het, kon nie vasgestel word nie. Indien tog wel, sou dit ongetwyfeld vir heelwat opwindend onder die entoesiastiese skare

op die werf van die ou presidensie gesorg het, in 'n tyd toe motors op die Bult nog maar 'n rariteit was.

Onder die geesdriftige skare bevind hulle ook verteenwoordigers van die NG Kerk van Transvaal en van die Hervormde Kerk. Voorsitter Ferdinand Postma lees telegramme en boodskappe van gelukwense voor, onder andere van die Kweekskool te Stellenbosch, genl JC Smuts, dr DF Malan, prof Duvenage (met studie in die Kaap), mnr Piet Grobler, die Elofs van Pretoria, ministers Orr, Watt, Van Heerden en De Wet en vele ander.

Ds Willem de Klerk verwelkom en sê die doel is "om fees te vier en te getuig dat God ons welgedaan 't". Kuratore voorsitter T Hamersma hoop op sy beurt dat, al "is ons vandag nog 'buite die kraal' ... oor 50 jaar is ons daar binne en dat dan weer die feesvierende op ons sal terugsien as moedige strijders, net soos ons vandag op die voorvaders van 50 jaar terug sien".

Raadsvoorsitter JA du Plessis sê die PUK gaan nou sy plek in die volkslewe inneem en hy hoop die volk sal die inrigting steun en waardeer. Die Raad sal alles in sy vermoë doen om "die geheiligde, die aparte posiesie" van die PUK te bewaar en dit Christelik te hou.

Prof dr JW Pont, voorsitter van die NZAV en afgesant van die Nederlandse vriende wat in die voorafgaande jare finansiële steun aan die Teologiese Skool verleen het huis om die ontwikkeling van die Kollege Departement aan te help, sê in sy boodskap dat hulle in Nederland met belangstelling die ontwikkeling van die Teologiese Skool volg; ds J van Belkum betuig namens die Hervormde Kerk sisterskap – en jaloesie omdat sy kerk nog nie 'n eie opleidingskool het nie. Pastoor A Kohl spreek namens die Lutherse Kerk "n hartlike woord" terwyl ds Le Clus van die NG Kerk Bloemhof nou wel nie sy kerk amptelik verteenwoordig nie en dit jammer vind dat daar nie meer verteenwoordigers uit sy kerkverband is nie; nogtans is hy verheug oor 'n telegram van gelukwense van sy kweekskool te Stellenbosch. Kleiner verskille ten spyte, "ons vorm saam een groot leer wat optrek vir die ideale wat ons volk sal verhoog".

Saterdagoggend is opsygesit vir ernstige pitkos: nie minder nie as ses redevoerings verskyn op die program. Prof JD du Toit behandel "Die Teologiese standpunt van ons Skool" en toon aan hoedat die Teologiese Skool en Kollege mekaar aanvul: "Die Kollege hou ons in verband met die groot wêreld van wetenskap, sodat ons Theologie nie 'n moeras hoef te word nie; terwyl die Theol. Skool weer leiding gee aan die Kollege aangaande die hoofbeginsels van Gods woord."



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

Prof Jan Kamp se voordrag het gehandel oor "Hoër Onderwys en die Volkslewe" terwyl prof SPE Boshoff dit op sy beurt gehad het oor die Afrikaanse taalwetenskap.

In sy rede het prof Ferdinand Postma onder meer gewys op die betekenis van die letters "K.H.O.", in die naam van die nuwe kollege. Die "Kristelik" slaan op "gereformeerd kristelik", het te make met "die Kristus van die skrifte"; daar word ook van sekere grondbeginsels uitgegaan, "maar dit is geen band dog vrijheid bij die lig en openbaring van Gods Woord". Christelike hoër onderwys vereis verder deeglike ondersoek en toetsing, voorbereiding vir die lewenstaak gewapen met grondige kennis van Gods Woord.

Maar "K.H.O." stel ook eise aan die Raad, vervolghet Postma, veral om die Christelike karakter van die PUK te handhaaf deur die aanstelling van professore en lektore. Daar sal ook gesorg moet word vir deeglike onderrig, "anders word daar smaadheid gewerp op die naam van K.H.O. as dié wegens gebrek aan hulpmiddele minder degelik is".

Dan stel hy die crux van die saak: "Die Raad moet voor die Kollege 'n selfstandige status verkrij. K.H.O. stel eise aan die Professore, maar aan die eise kan nie behoorlik voldoen word nie as die Professore nie 'n eie leerkursus kan vasstel nie. Op die oomblik is die Professore hande en voete gebonde aan wat hulle elders voorgeskryf word. Hier is die band wat knel ..."

Postma wys ook die weg aan en beskryf 'n vergesig: "Opheffing van hierdie band moet gesoek word sonder dat ons ons beginsels moet prijs gee en 'n selfstandige status moet vir ons Kollege verkrij word. Dit sal stryd kos, veel moeite en opoffering, maar met Gods hulp en met die ondersteuning van die vrinde in ons land vir K.H.O. sal die Raad in staat gesteld word om 'n selfstandige status vir die P.U.K. te verkrij en so die grondslag te lê datwanneer misskien weer 'n jubileum gevier word op die ou grondslag sal verrys het 'n Kristelike Universiteit."¹¹

Saterdagoggend se program was dalk effens te volgeprop, gevvolglik is sommige van die toesprake op die program nie gelewer nie. Die verslag dui egter nie aan welke voordragte in die slag gebly het nie. Die middag doen prof Postma "op interessante wijse" verslag oor die Jubileumfonds: "Daar was wat gesê het: die tije is te swaar, ons sal geen fonds bypeen kry nie. Ander het gemeen ons sal net £4 000 haal. In die begin het die swaarmoedige broeders gelijk gekry. Na verloop van 'n jaar kon maar £600 verantwoord word. In 1917 was die Helpmekaar [kyk insetsel] aan die gang en dit het gelijk of dit ons fonds gaan oorvleuel, maar dit was ons redding. Br. G Kruger het met sij bekende aanbod voor 'n dag gekom.

Helpmekaar Vereniging

Die Helpmekaar Vereniging was 'n beweging wat reeds in 1915 in Transvaal en die Vrystaat op gang gekry is om fondse in te samel ten einde die skulde van deelnemers aan die Rebelle van 1914, teweeggebring deur eise om skadevergoeding en hofboetes, te delg. In November 1917 is 'n groot Helpmekaardag op Middelburg in die Kaap gehou. Mnr Japie de Villiers van Paarl het, soos GHJ Kruger van Kalkoenkrans, reeds in 1916 ten opsigte van die Jubileumfonds gedoen het, 'n bedrag van £500 beloof indien 500 ander persone elk ook £100 bydra. Die reaksie was oorweldigend en die beweging het in 'n nasionale beweging ontwikkel. Nie alleen is die skuld van meer as £100 000 gedelg nie, maar was daar 'n oorskot van £60 000 wat in die toekoms as studiefonds vir Afrikaners aangewend sou word. (FAK Afrikaanse Kultuurmanak, pp 203 en 325; JJ van Rooyen, Die Nasionale Party, pp 242-244; GD Scholtz, Die Rebelle, 1914-1915, pp 296-299)

Waar die Teologiese Skool/Literariese Departement self maar noustrip getrek en hulle eie stryd om oorlewing gevoer het, is daar nie huis tekens van betrokkenheid by die Helpmekaar beweging nie. Wel is daar einde 1917 voelers uitgesteek om hulpverlening in die vorm van Helpmekaar-beurse. 'n Brief in hierdie verband is gerig aan ds JA du Plessis van Pretoria, wat lid van die hoofbestuur van die beweging was. (Senaat Notule 29.11.1917 art 3)

"Toe het dit begin vinnig gaan. As daar verslapping kom, was dit genoeg om dit in 'n voetnoot [in die kerkmondstuk] net aan te spoor; en die gifte stroom weer toe. Seer hartelik moet broeders, susters en kinders bedank word.

"In 1919 het die gewilligheid duidelik uitgekom. Einde 1918 was daar nog net £3 700. Sware droogte kom toe en dis of God die belowers op proef wou stel. Maar die liefde het gesegevier. 15 Oktober l.l. het die som gestaan op £8 783. Binne die tijd van twee weke werd oor £800 ontvang en 15 Nov. was meer as £10 000 bij mekaar. Geteken is £13 757 :0 :0 en tot op datum ontvang £11 469. Soli Deo Gloria! Aan God alleen die eer."

Hierna het Postma die skare versoek om staande Psalm 75 vers 1 te sing. "Dit was 'n plegtige oomblik toe uit volle bors die Psalm word aangehef. Aandoening het daar getril deur die lied."¹²

Die res van die middag is gemoedelik deurgebring met "meedelings van ouere broeders", onder andere deur die legendariese ouderling PJ Schutte



van Potchefstroom. "Op seer interessante en onderhoudende wijse" het ds Marthinus Postma van "die ou skooldae" vertel, en onder andere onthul hoedat hy op 14-jarige ouderdom aan die verkiesing van 'n professor deelgeneem het: toe die lot in 1869 tussen di. Cachet en Swart gewerp moes word, vir die pos van tweede dosent aan die pasgestigte Teologiese Skool, is hy gevra om die lootjie te trek!

Op versoek het Postma onderneem om sy vertellinge op skrif te sit; dit sou dan gepubliseer word "in die Jubileum-boek wat sal uitgegee word orals sal versprei en gelees word". Die beplande boek sou ook die vertellinge bevat van ds WJ de Klerk, oor "hoe die 5 studente in die Boer, Britse oorlog gesneuwel het".

Inderdaad is daar reeds in Mei 1919 besluit dat 'n gedenkboek uitgegee sou word, bevattende die geskiedenis van die Jubileumfonds tesame met 'n volledige verslag van die feesvieringe asook die toesprake en redes wat gelewer sou word. Die samestelling van hierdie bundel is opgedra aan proff Du Toit, Kamp en Boshoff. Hierdie Jubileum-boek

het ongelukkig nooit die lig gesien nie – wat nogal 'n jammerte is, al is dit bloot net vanweë die verlies van oudprofessor Marthinus Postma se herinneringe aan die Burgersdorp-era van die inrigting. 'n Enkele artikel in 'n beplande reeks deur Postma, wat handel oor sy kinderde en sy herinneringe aan sy pa, "vader" Dirk Postma, het wel in die Kerkblad verskyn.¹³

Om die naweek af te sluit, word Saterdagaand koppe bymekaar gesit en besluit om 'n vereniging vir hoër onderwys in die lewe te roep, met doel om a) die gewetensklousule geskrap te kry, en b) fondse te versamel om die PUK te ondersteun "en tot die hoogste mate van bloei te bring". Sodra genoeg fondse byeengebring is, sal die (Gereformeerde) Kerk versoek word om die Kollege, wat tot 'n modelkollege uitgebou moes word, aan die vereniging oor te dra.

Ds M Postma, al die jare nog gekant teen staatsgesag in die onderwys, was opgewonde oor die vereniging en het homself as kampvegter daarvoor aangebied. 'n Komitee onder voorsitterskap van ds De Klerk sou die saak verder voer. Konsepstatute vir die beoogde vereniging is nog tydens die byeenkoms voorgelê en goedgekeur.¹⁴ Die baie bedrywige naweek is afgesluit met 'n byeenkoms waartydens studente en oudstudente besluit het "om begin te maak met 'n re-unie". Ds JA van Rooy, theologese kandidaat JC van Rooy en die voorsitter en sekretaris van die studentekorps (Veritas Vincet) is benoem om so 'n reünie te reël.

Daarmee was die vol en interessante, inderdaad geskiedkundige naweek iets van die verlede. Die optimisme wat hier openbaar is en die inspirasie wat verkry is, sou goed te pas kom in die stryd wat vorentoe gevoer moes word, die stryd om te bestaan en voort te bestaan.

'n Effense vals noot, rakende die PUK feesvieringe, klink op uit die slotparagraaf van 'n karige beriggié in die plaaslike Westelike Stem, wat die feestelikhede beskryf as van godsdienstige en opvoedkundige aard. Deur wie en aan wie uitnodings uitgestuur is, is nie bekend nie: "Alleen weten wij, dat onze redacteur noch een kennisgeving van, noch een uitnodiging tot de feesten ontving, reden waarom wij niet in de gelegenheid zijn uitvoeriger te rapporteren over deze hoogst belangrike niet-politieke gebeurtenis."¹⁵

Al was die uitvoeriger verslag wat in die Gereformeerde Kerk se mondstuk verskyn het, waarskynlik selfbevredigend genoeg, sou die jong universiteitskollege moes leer dat mediavriendelikheid niks kos nie en, intendeel, 'n groot bate kon wees noudat dit as nuwe opvoedkundige instelling die kollig betree het.



1.8.2

'n Bejaarde ds Marthinus Postma het oor die "ou skooldae" gepraat. By hom staan ds JV Coetzee, wat as kurator en later raadslid ten nouste by die ontwikkeling van die PUK betrokke was.



1.8.3 Beslaggewing en akademiese ordening

Hoewel nie formeel ingeskakel by die federale opset nie, sou die pasgestigte nuwe universiteitskollege se stem tog direk in die hoogste raadsaal van die Universiteit van Suid-Afrika gehoor word. Prof JD du Toit, wat by die totstandkoming van dié universiteit as raadslid benoem is, het naamlik weer, in Augustus 1919, 'n versoek tot minister Malan gerig dat prof Ferdinand Postma, wat pas as rektor van die nuwe kollege aangewys is, in sy plek aangestel word "terwyl ik nu enigzins een buitenstaander ben". Die beskeie Du Toit (Totius) ag sy posisie 'n besondere eer en tree alleen terug indien weer "iemand van ons" benoem sal word. Hierdie keer is gehoor gegee en is Postma wel as lid van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika benoem.¹⁶

Volgens die goedgekeurde "Statuten van het Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelik Hoger Onderwijs"¹⁷ het die Raad van die nuwe universiteitskollege bestaan uit ses lede wat deur die kuratore van die Teologiese Skool namens die Gereformeerde Kerk benoem is, een of twee lede deur die regering benoem en die voorsitter van die Senaat, in adviserende hoedanigheid. Die Raad kon ook verteenwoordiging verleen aan korporasies of verenigings wat bepaalde finansiële bydraes maak. Lede is benoem vir drie jaar en kon daarna herbenoem word. Geen dosent of amptenaar van die kollege mog egter sitting neem op die Raad nie. Wel het dit bevoegdheid ontvang om van tyd tot tyd, na die eis van omstandighede, 'n registerateur aan te stel, wat as sekretaris van die Raad optree. Waar nodig, kon ook ander amptenare aangestel word. Die PUK vir KHO het ook 'n eie Senaat gekry, bestaande uit 'n lid van die Raad en al die professore. Die Senaat kies jaarliks uit eie geledere 'n voorsitter, wat deur die Raad goedgekeur moes word.

Dienende personeellede se poste is met die oorgang gewaarborg maar in die magtiging van die Raad om in die toekoms personeel of amptenare aan te stel, is pertinent gestipuleer dat by sodanige aanstelling "alleen zorg zal gedragen worden dat het kristelike karakter van het kollege gehandhaaf wordt, zonder aanwending van een denominationale toets".¹⁸ Ook is gestipuleer dat geen godsdienstige toets by die toelating van studente sou geld nie.¹⁹

Die innerlike teenstrydigheid tussen die naam van die nuwe stigting, spesifiek die byvoegsel "vir Kristelike Hoger Onderwijs" en die statutêre beperkinge vir sover dit aanstelling van personeel en toelating van studente betref, is opvallend. 'n Ander kenmerk is die oorwig verteenwoordiging van die kuratore van die Gereformeerde Kerk op die Raad, by wie ook

voorlopig die eienaarskap van al die eiendomme wat deur die nuwe inrigting gebruik staan te word, berus het. Daar is egter uitdruklik bepaal dat geen geldie wat aan die PUK toekom, direk of indirek ten bate van die Teologiese Skool aangewend mag word nie.²⁰

Voorasnog was dit egter eerste prioriteit om die nuwe universiteitskollege se ratte in werking te stel, met die Raad as nuwe beheerliggaam in die plek van die kuratore. Dit was voortaan die Raad se taak om toesig, beheer en bestuur van sake van die kollege, insluitende alle eiendom en inkomste, te behartig. Die Raad moes klasgelde vasstel, beurse toeken en personeelsake behartig terwyl dit ook ter wille van goeie orde en gang van sake van die kollege die nodige reëls en regulasies kon opstel.

Die bestaande Senaat het normaalweg met sy funksies voortgegaan en byna ongemerkt sy nuwe mantel, as bestuursliggaam van die pasgestigte universiteitskollege, omgehang. Die Teologiese Skool het op 24 November 1919 op voorstel van ds M Postma 'n eie Senaat in die lewe geroep, waarop die rektor van die PUK sitting gehad het.²¹

Op sy Junie-vergadering 1919 het die Senaat vir prof Ferdinand Postma as voorsitter van die Senaat en dus ook as rektor van die kollege aangewys. Of daar enige potensiële teenkandidate was, val sterk te betwyfel – daarvoor was Postma se rekord te skouspelagtig. Soos gesien, het die Raad sy aanstelling op sy heel eerste vergadering op 23 Julie 1919 goedgekeur.²²

Rondom hierdie benoeming van Postma as rektor van die nuutgestigte universiteitskollege het daar in die geskiedenis op een of ander wyse 'n totale wanopvatting ontstaan. **Meer hieroor in 'n latere besprekking.**

As gevolg van die skeiding tussen die Teologiese Skool en die PUK moes die hele situasie rondom die rektorskappy van laasgenoemde inrigting ook hersien word. Volgens 'n vroeëre besluit sou prof Duvenage in 1920 as rektor optree, maar vanweë sy studies in die Kaap het hy daarvan afstand gedoen. Hierop het die Senaat besluit om by die kuratore aan te beveel dat die rektorskappy van die Teologiese Skool voortaan vir 'n driejaartermyn sou geld en die Kollegeraad sou tegelykertyd geadviseer word om prof Postma se rektorskappy van die PUK in 1920 te kontinueer.²³

Wat die registrateurskap van die nuwe kollege betref, was die situasie ietwat meer kompleks. Met die behoefte reeds in Februarie 1919 geïdentifiseer, het 'n subkommissie van die Senaat op 15 April by die kuratore aanbeveel dat 'n "amanuensis" of registerieur aangestel word, terugwerkend vanaf 1 April 1919. Werksaamhede moes intussen normaalweg



voortgaan, maar vanaf 1 Junie moet aan die benoemde registrateur vaste instruksies gegee word, as sekretaris van die Senaat en die te-stigte kollege Raad.²⁴ Tot op daardie stadium het die sekretariaat van die Senaat nog gewissel tussen die professore, met SPE Boshoff vir oulaas in hierdie stoel.

Ds WJ de Klerk is toe as registrateur ("amanuensis") aangewys en het aan die begin van Junie 1919 sy taak as sekretaris van die Senaat opgeneem. Vanaf die totstandkoming van die Raad op 23 Julie het hy in dieselfde hoedanigheid ook dáár gefunksioneer en tegelykertyd ook die registrateurskap beklee. Die aanbevole salaris verbondé aan die pos was £250 per jaar.²⁵

Of dit vanweë politieke aspirasies of onmin in sy gemeente was oor die dubbeldoorfunksie wat hy vervul het, is nie seker nie, maar skynbaar was De Klerk van voorneme om minstens die registrateurskap van die nuutgestigte universiteitskollege te ontruim,

want op die eerste vergadering van die raad van die PUK vir CHO word ds Petrus Postma versoek om vanaf Februarie 1920 as registrateur van die Kollege op te tree.²⁶

Die aanwysing van Postma as registrateur van die nuwe inrigting was waarskynlik grootliks bedoel as eerbetoon aan die man met wie se aanstelling as professor in 1877, die Literariese Departement as direkte voorloper van die PUK sy beslag gekry het. Ds Postma was op die punt om te emeriteer en hy sou, naas sy pensioen, £150 vir sy dienste as registrateur ontvang – 'n vergoeding wat duï op 'n enigsins beperkte werksopdrag. Hy het wel die amp aanvaar, maar is in Oktober 1919, tydens die kerkraadsvergadering waar sy afrede gefinaliseer is, aan 'n hartaanval oorlede.²⁷

Ds WJ de Klerk, wat intussen steeds as sekretaris van die Raad en die Senaat opgetree het, is op 27 November 1919 as deeltydse registrateur aangestel, teen betaling van £20 per maand.²⁸

1.8.3

Petrus Postma was 'n veelsydige en begaafde man, 'n baanbreker en 'n steunpilaar in die geskiedenis van die Teologiese Skool en van die Literariese Departement, wat kort voor sy dood vergestalting gevind het in die PUK vir KHO. As eerste literariese professor en later as waarnemende professor, as kurator (vir byna 40 jaar lank) en as penningmeester van die Teologiese Skool het hy diep spore getrap op die ontwikkelingspad van die twee inrigtings. Hy was 'n goedopgeleide en bekwame dosent en het in sy kort termyn as literariese professor gehelp om Christelike nasionale onderwys aan die Teologiese Skool te vestig. Hy was 'n groot gees in onderwyskringe in die ZAR en is by geleentheid selfs aanbeveel vir die deur ds SJ du Toit ontruimde pos as superintendent van Onderwys van dié staat, waar hy hom veral sterk beywer het vir Christelike nasionale onderwys. As predikant van die Gereformeerde kerk in Pretoria vanaf 1882 tot 1904 het hy "door zijne Gereformeerde prediking in donkere landsomstandigheden richting en stuur volgens Gods Woord aan Regeering en volk" gegee en was hy 'n kragtige steun vir staatspresident Paul Kruger: "Het wordt verhaald hoedat dikwijs in donkere landsomstandigheden de President met zijn predikant in de studeer-kamer samen nedergeknield hebben en 's Heeren aangezicht in het gebed vurig gezocht hebben om redding voor land en volk." (VE d'Assonville en GPL van der Linde, "Petrus Postma" in SA Biografiese Woordeboek V, pp 640-641; M Postma, "Korte levensskeets van wijlen ds P. Postma, B.A.", in Die Kerkblad, 1.11.1919)





1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"



1.8.4

Ds WJ de Klerk (registrateur) en sy gesin. Links agter staan Jan, wat in 1925 SVR-voorsitter was. Hy sou later kanselier van die PUK word. Jan se seuns WJ en FW is ook bekende oud-PUKKE.

Insiggewend is die siening van ds JV Coetzee, 'n destyds prominente kerkleier wat as kurator intens betrokke was by die wel en wee van die Teologiese Skool en sy uitspruitsel. Volgens hom het die kuratore dit nodig geag dat die predikant van Potchefstroom die registrateurskap van die nuwe universiteitskollege moes beklee, ter behoud van die bande tussen die twee geskeie instansies. Tydens die 1920-sinode, toe besluit is tot inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika, is die registrateur "saam inbegryp in die personeel van die inrigting" en is hy "feitlik verskoon van alle herderlike arbeid hoewel hy nog sekere preekbeurte waargeneem het".²⁹ Die sinodenotules meld nie iets hieroor nie.

In November 1920 het rektor Postma die behoefte aan 'n voltydse registrateur aan die Raad uitgespel en is De Klerk as sodanig benoem, "met die opdrag om al die werk te doen wat van 'n registrateur geëis word" en teen 'n salaris van £400 per jaar.³⁰ Hoewel hy ook nog sy amp as predikant van Potchefstroom behou het, sou dit nie maklik wees om gelyktydig op die twee stoele te sit nie. Van tyd tot tyd hierna sou daar egter indringend gekyk word na De Klerk se dubbele werkslas.

Om gesukte personeel te kry, was maar vir die bestuursmanne van Potchefstroom ietwat van 'n probleem en is daar in hierdie verband sterk gesteun op aanbevelings van kollegas aan die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch en by ander kolleges,³¹ terwyl van tyd tot tyd ook potensiële kandidate by ander inrigtings geïdentifiseer is.

Op sy heel eerste vergadering moes die Raad van die PUK aandag gee aan personeelsake. Nadat die name

van 'n sekere Du Plessis van Grey Universiteitskollege en die Nederlander van geboorte, B Elbrecht van die Normaal Kollege te Pretoria in Junie op 'n Senaatsvergadering genoem is, het die Raad tog besluit om Cecil von Bonde van Kaapstad as professor in Skei-, Dier- en Plantkunde aan te stel - afhangende van 'n rapport van dr EE van Rooyen "of die Heer von Bonde 'n man is van Kristelike beginsels en wandel".³² Von Bonde was vanaf 1918 dosent in Dierkunde (Zoology) aan die Universiteit van Kaapstad, maar het na 'n jaar probleme met sy departementshoof ontwikkel en skynbaar selfs sy bedanking ingedien. Von Bonde het egter in sy pos aangebly en is later in 1929 aangestel as direkteur van Visserye (Fisheries Survey). Hy het egter nie die pos aanvaar nie en die pos is weer, saam met twee lektorate – vir Ou Tale en vir Skei-, Dier- en Plantkunde – geadverteer, met die stipulasie dat getuigskrifte "van Kristelike belijdenis en wandel"³³ voorgelê word.

'n Gesukte kandidaat vir die professoraat kon egter nie gekry word nie en gevoleklik is besluit om twee lektore vir die betrokke vakke aan te stel, naamlik GTS Eiselen en DJ van Rooy. JC van Rooy is as lektor vir Ou Tale benoem, in die plek van LJ du Plessis, wat met verlof sy studies in Europa gaan voortsit het. Eiselen en JC van Rooy het die aanstellings aanvaar en daarmee het 'n lang en kleurryke verbintenis met die inrigting 'n aanvang geneem, maar DJ van Rooy, op dié tydstip verbonde aan TUK, het nie sy weg daartoe oopgesien nie. Op sy aanbeveling is DJ du Plessis aangestel – en het ook vir hom 'n leeftyd van diens aan die PUK begin.³⁴




Twee ander dosente was ywerig om hulle akademiese onderbou te versterk. APC Duvenage, wat om een of ander onbekende rede afgesien het van sy Nederlandse studieplanne, het in Julie 1920 verlof gevra om sy MA-studies aan die Universiteit van Kaapstad te gaan afrond terwyl SPE Boshoff se kop terselfdertyd weer Nederland toe gestaan het, om sy doktorale studies af te handel. Met behoud van salaris vanaf Oktober 1920 tot einde Desember 1921, was Boshoff bereid om self en sonder koste vir die raad vanaf Maart 1921 'n plaasvervanger te voorsien – wat dan ook so gedoen is, in die persone van lektore JC van Rooy en HG Schulze en mnre AE du Toit (MA), wat op daardie tydstip dosent in Geskiedenis aan die Normaal was en onder meer aan student AJH van der Walt hulp verleen het "in sij voorbereiding vir M.A.geskiedenis teen 10/- per les".³⁵

Boshoff het aanvanklik voorgestel dat SJ du Toit, onderwyser op Heilbron, as sy plaasvervanger optree. Hy het ook geld gevra, en verkry, om in Nederland boeke "wat die taal en geskiedenis van Suid-Afrika

raak", vir die biblioteek aan te koop. Boshoff het op hierdie stadium as bibliotekaris opgetree, nadat hy in September 1919 dié taak by LJ du Plessis oorgeneem het. Met sy vertrek na Nederland het lektor JC van Rooy weer die biblioteek by Boshoff oorgeneem.³⁶

In November 1920 word op versoek van die Senaat aandag gegee aan verdere personeelbenoeming. As professor in Engels word TUK se Duitssprekende lektor in Engels, PW Zorn as gesikte kandidaat beskou, terwyl lektor JC van Rooy as professor in Filosofie benoem is. LJ du Plessis is terug vanuit Nederland en word weer lektor in Klassieke Tale, terwyl AJH van der Walt in dieselfde pos in Geskiedenis aangestel word. Vroeëre inisiatiewe om AE du Toit van Normaal aan te stel, het nie gerealiseer nie.³⁷

Zorn het nie die benoeming opgevolg nie en die soektog na 'n gesikte persoon vir hierdie sleutelpos sou voortduur. Uiteindelik is NT van der Walt tydelik vir 1921 as lektor aangestel.³⁸



1.8.5

PUK-personeel 1921. Voor: proff JD du Toit, J Kamp, F Postma, APC Duvenage, JC van ROOY, JA du Plessis en ds WJ de Klerk (registrator). Middel: pastor Kohl, JH van Heerden, AE du Toit, J Chr Coetzee, GTS Eiselen, en LJ du Plessis. Agter: mnre AJH van der Walt, HG Schulze en DJ du Plessis. Afwesig: prof SPE Boshoff en mnre NT van der Walt.



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

Wat personeelvoorsiening in die algemeen betref, het die PUK dit beslis nie breed gehad nie, en is die situasie as "seer onvoldoende en onbevredigend" aan die spesiale sinode van 1920 voorgehou. Vier professore, ses lektore en 'n registerateur moes die werk behartig wat, in vergelyking met die situasie aan ander kolleges, eintlik elf professore, vier lektore, 'n registerateur en 'n bibliotekaris regverdig.³⁹

Die vakke wat op hierdie tydstip aan die PUK gedoseer is, met die dosentetal agterna, was die volgende:

- Klassieke Tale en verwante temas, Wysbegeerte en Opvoedkunde: een professor en een lektor
- Moderne Tale (Hollands, Afrikaans, Engels, Duits, Frans), Taalkunde en Geskiedenis: twee professore en een lektor
- Wysbegeerte (Geskiedenis, Filosofie, Sielkunde, Logika, Etiiek en Staatsleer): twee lektore
- Suiwer en Toegepaste Wiskunde: een professor
- Natuurkunde en Skeikunde: een lektor
- Plantkunde en Dierkunde: een lektor⁴⁰

Die personeel het bestaan uit:

- vier professore, nl. Ferdinand Postma, Jan Kamp, APC Duvenage en SPE Boshoff
- spesiale lektore, proff JD du Toit en SO Los
- lektore JC van Rooy, HG Schulze, DJ du Plessis, G Eiselen en pastor A Kohl
- 'n registerateur, in die persoon van ds WJ de Klerk.⁴¹

Bestaande situasie is ietwat verbeter deur die reeds genoemde bevordering van lektor JC van Rooy aan die begin van 1921 tot professor en die tydelike benoeming van NT van der Walt as lektor in Engels. Prof Los se plek is ingeneem deur sy opvolger aan die Teologiese Skool, prof JA du Plessis.

Die skeiding tussen die Teologiese Skool en die PUK het ook besinning gebring oor die status van personeel en studente. Professore van die kollege sou voortaan nie meer vir die rektorskap van die Teologiese Skool in aanmerking kom kom nie terwyl die Teologiese Skool ook in November 1919 sy eie Senaat gekry het. Wat die studente betref, is aanvaar dat literariese studente by die PUK tuishoort, maar het die Teologiese Skool tog jaarliks van die teologiese professore verslag aangaande die studente verlang.⁴²

Hoewel 'n groot mate van formele skeiding deur die voorvereistes vir inkorporasie op die moeder-en dogterinstansie afgeforseer is, het dit nie die bande final deurgesny nie. In Februarie 1921 is 'n samewerkingsooreenkoms tussen die PUK en die Teologiese Skool gesluit wat onder meer voorsiening gemaak het vir wedersydse verteenwoordiging op die onderskeie senate, maar net op adviesvlak. Personeel en studente word na wedersydse amptelike funksies uitgenooi, asook na die openings- en afslutingsfunksies van die twee inrigtings wat gesamentlik aangebied sal word. Studente van beide inrigtings kon oorkruis klasse bywoon sonder ekstra koste maar ook sonder om ontwrigtend in te werk "op die gereelde gang van sake". Die twee biblioteke is daar vir gemeenskaplike gebruik terwyl sportbeoefening en die gebruik van sportgronde ook gemeenskaplik hanteer sou word.⁴³

Midde-in die woelinge rondom die toekoms van die PUK en met die poging om die gewilde en bekwame stuurman van die nuwe kollege na Nederland te lok nog vars in die geheue, word daar teen die einde van 1920 'n initiatief geloods om prof Ferdinand Postma as professor in die Teologie te benoem, in die plek van prof Los wat hom intussen vanweë huislike omstandighede permanent in Nederland gevestig het.⁴⁴ Hoewel hy ten volle gekwalifiseer was, het Postma nie die status van 'n predikant besit nie en is sy naam gevoldiglik van die lys geskrap. Ds JA du Plessis, wat vanaf 1898 tot 1903 reeds as professor in die destydse Literariese Departement diens gedoen het, is toe in die vakature aangestel.⁴⁵

Die PUK sou homself so spoedig moontlik op akademiese gebied moes posisioneer, om te toon dat hy sy verhoogde status waardig was.

Met die betreding van die nuwe bedeling in Julie 1919 het prof Los, tydens die eerste vergadering van die nuwe Raad van die universiteitskollege, 'n optimistiese noot laat hoor. Die Christelik-nasionale beginsels is aan die opbloei, Gimnasium het so gegroei dat die hoër en laer afdelings geskei moes word en ook die Kollege het vooruitgegaan, noudat die Teologiese Skool nie meer die hoofrol speel nie. Die getal studente is nou byna 40, en hy skryf dit toe aan die nuwe onderwyswet: ouers stuur nou hulle kinders hierheen "ter wille van die Kristelike beginsels". Oor die kwessie van status, waaroor daar groot kommer was, het Los met skynbare genoegdoening gerapporteer: "Ons word beskou as geassosieer met die T.U.K. Pretoria. Die Professore daar sal onse Studente eksamineer en jaarliks oorplaas."⁴⁶

Getalsgewys was daar nie juis veel om oor te roem nie. Grootliks toe te skryf aan eksamenprobleme wat aan die einde van die vorige jaar ondervind is maar ook te wye aan beter beurse wat elders aangebied word, het



die studentetal vanaf 35 in 1919 (een bron gee die getal 39 aan, terwyl elders weer gesê word dat 31 studente eksamens geskryf het) tot 'n skrale 17 gedaal, vroeg in 1920. Van die 14 studente wat in 1919 die BA I-eksamen geskryf het (daar was aanvanklik 18 inskrywings), het slegs 4 geslaag terwyl op tweedejaarsvlak net 3 uit 6 die paal gehaal het.⁴⁷

In Maart 1920 rapporteer proff Duvenage en Boshoff oor metodes en middele om studente te werf en beveel aan dat 'n brief aan predikante en prominente lede van die VKHO gerig sal word. Ook behoort sertifikate van studente voortaan tydens 'n openbare samekoms, in die vorm van 'n geselligheid, aan hulle oorhandig te word.⁴⁸

Die persoonlike insette het gehelp want die studentetal vir 1920 het opgeskuif na 24.⁴⁹ Ook die voorstel ten opsigte van openbare byeenkomste is geïmplementeer en deur bemiddeling van prof Duvenage is die stadsaal, "die voor deze gelegenheid biezonder gezellig ingericht was",⁵⁰ vir die okkasie verkry. Einde November 1920 kon rektor Postma met genoegdoening verslag doen "dat die Gradedag gehou is onder groot belangstelling van die algemene publiek en was 'n volkome sukses. Dit het veel bygedra om die Kollege bekend te maak en onder die aandag van die publiek te bring."⁵¹

Die name van die ontvangers van grade en sertifikate by hierdie historiese eerste gradeplegtigheid van die PUK (die kwalifikasies dateer natuurlik 1919), verdien beslis 'n plek in die inrigting se annale:

MA: HG Schulze (Hollands) en MJ Coetzee (Filosofie)

BA-Hons: AJH vd Walt (Geskiedenis) en CP Venter (Hollands)

BA-Pass (Oude Regulasie): M Lugtenburg, H Stoker, P Kruger, Th Schlebusch en JVenter

BA 2e jr: LJ du Plessis, WJ Snijman, W de K Kruger, CJ Potgieter

BA 1e jr: N Steyn, J Malan, N vd Walt, DC Guillaume.

Waar die studentetal, vanweë die professore se ywer en insette om studente te werf en deur die opleiding van O.I-studente, aan die einde van die tweede kwartaal van 1920 op 24 gestaan het,⁵² het dit aan die begin van 1921 tot 'n indrukwekkende 50 (waarvan ses Normaal-studente was) gestyg. In die loop van die jaar sou vyf studente hul O.I-eksamens aflê en het nog vyf om ander redes die PUK verlaat. Met inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika is voorsien dat die studentetal sonder twyfel sou toeneem.⁵³ Die vyftigtal

studente aan die begin van 1921 was ingeskryf vir 'n wye verskeidenheid kursusse: 3 vir MA, 1 vir MSc, 11 vir O.I, 1 vir BSc III, 2 vir BA III, 2 vir BSc II, 4 vir BA II, 6 vir BSc I, 17 vir BA I, 1 vir Litt en 2 vir Spesiale vakke.

Nog voordat die Raad van die PUK saamgestel is, is versoek om betreffende Landbouwetenskap as vak (ds W Postma) en Onderwysopleiding (prof JD du Toit) via die Senaat na die te-stigte Raad verwys.⁵⁴ Van Senaatkant is ook onderhandel oor die gebruik van die Landboukollege se laboratoriums en is samesprekings gevoer met professore van die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) in verband met die afneem van die PUK se eksamens.⁵⁵

'n Kommissie wat na landbou as vak moes kyk, het bevind dat dit te duur sou wees. Die groen lig is egter gegee vir onderwysopleiding, die sogenaamde O.I (Onderwys Eerste Klas). Onderwysstudente sou dieselfde beurse ontvang as by ander kolleges.⁵⁶

Einde November 1919 is die skema vir O.I-opleiding goedgekeur en het die Raad ook aan die Senaat opdrag gegee "om te waak dat die P.U.K. ook op die lys kom van Kolleges waaraan Normaal studente vir 'n jaar moet studeer." Na 'n besoek aan die hoof van die Normaal Kollege van Heidelberg, waar hy met groot entoesiasme ontvang is, het rektor Postma sy Raad hieroor ingelig en sou hy nou die administrateur formeel oor die saak nader.⁵⁷

In April 1920 is die onderwysopleiding verder gestroomlyn toe die hoof van Normaal, mnr JH van Heerden as dosent gekoöpteer en prof Postma aan die hoof van hierdie opleiding gestel is.⁵⁸ Toe Van Heerden vroeg in 1921 weens ampelike werk nie verder kon help nie, is J Chr Coetzee, Normaal se viseprinsipaal, vir die klasse gekontrakteer en vanaf 1922 sou hy en Van Heerden weer saam die O.I- opleiding behartig. In 1922 is Van Heerden as (buitengewone) professor in Opoedkunde benoem.⁵⁹

Maar dit was beslis nie net maanskyn en rose vir die nuwe universiteitskollege nie.

Met die inwerkingtreding van die nuwe bedeling ten opsigte van hoër onderwys in April 1918 het die Teologiese Skool met sy Literariese/Kollege Departement nie deel gevorm van die universitaire opset van die land nie. In Januarie 1918 het prof Ferdinand Postma en kollega APC Duvenage van die Statutêrekommisie sekere toegewings verkry ten opsigte van hul nuwe, eksterne posisie, naamlik dat sertifikate wat deur Potchefstroomse studente verwerf word, nie as "ekstern" aangedui word nie terwyl hulle studente voortaan ook vir beurse van die nuwe federale universiteit sou kon meeding.



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

Genoemde twee here het ook met die uitvoerende komitee van die Universiteit van Suid-Afrika onderhandel en onder meer bewerkstellig dat Potchefstroom 'n eksamensentrum vir hul eie studente sou wees, hoewel praktiese eksamens in natuurwetenskaplike vakke by die Transvaalse Universiteitskollge (TUK) afgelê sou moes word. Pogings om eie professore as eksaminatore te laat aanstel, om eie studente se jaarsyfers by eksamens te laat tel en om eie leerplanne op te stel, was nie suksesvol nie. Na twee jaar sou Potchefstroomse studente ook die leerplanne van TUK moes volg.⁶⁰

In Februarie 1919 het die kuratore die Senaat versoek om deurlopend in voeling te bly met hul eweknie aan die Universiteit van Suid-Afrika, om te verseker dat studente onbelemmerd hul eksamens kan aflê.⁶¹ Hierdie toestand van sake het tog nie bevredig nie en dinge het nie na wense verloop nie. Van PUK-kant is gevoel dat hul akademiese vryheid aan bande gelê word deurdat hulle nie eie leerplanne kon opstel nie maar hulle op dié van die TUK moes verlaat. Dan was daar nog die verskil in hantering van leerplanne – en boonop was handboeke soms eers in die derde kwartaal beskikbaar en het dit die studente erg benadeel. Die reëling dat PUK-studente hul praktiese eksamens in die natuurwetenskappe te Pretoria moes gaan aflê, het met groot kostes gepaard gegaan en ook nie gewenste resultate opgelewer nie.

'n Verdere krapperrigheid was dat PUK-professore nie as eksaminatore aangestel kon word nie, terwyl nie-verteenwoordiging op die Senaat van die federale universiteit inspraak op kursusse, eksamens, ensovoorts verhoed het. En hoewel eers prof JD du Toit en later, op versoek van Du Toit self, prof Ferdinand Postma in sy plek op die Raad van die Universiteit aangestel is,⁶² wou die PUK darem self sy verteenwoordiger op dié instelling benoem.⁶³

Dinge sou nie so kon voortgaan nie ...

1.8.4 Terreine, fasiliteite en finansies

Die nuwe bestuurspan moes onmiddellik aandag gee aan die akute kwessie van huisvesting. Die voormalige woonhuis van oudpresident MW Pretorius, nou reeds enigsins verbou en onder eienaarskap van 'n Skotse dame, me Jessie Maclagen, het gedien as "kollegegebou".⁶⁴ Die historiese karakter van die huis ten spyt, was dit maar 'n beknopte affère, dáár onder die reuse eikebome langs die destydse Noordbrugweg (die latere Vanderhoffweg). Die letterkundige vakke is in die verskillende vertrekke van die huis gedoseer terwyl die natuurkundige dissiplines in 'n gangetjie, in 'n afskorting op die stoep en in 'n buitegebou wat vroeër as 'n stal gebruik is, hulle dinge moes doen. In 1922 sou

die natuurwetenskappe verhuis na die historiese ou Gereformeerde kerkie.⁶⁵

Met 'n £3 000 bruidskat van die kuratore ter aanwending vir 'n kollegegebou in pand, het die Senaat en Raad die administrateur van Transvaal genader oor die plein geleë aan Tomstraat, ten einde die gebou op rig.⁶⁶

Toe die versoek nie realiseer nie – die Administrateur het laat weet dat hy nie oor bevoegdheid ten opsigte van die plein beskik nie – is Raads- en Senaatslede gevra om uit te kyk vir gesikte grond terwyl dit aan 'n kommissie vir geboue opgedra is om beplanning te doen vir 'n losieshuis en 'n kollegegebou. Die Maclagan-huis is weer vir 1920 gehuur terwyl die Senaat nog 'n keer die stadsraad genader het oor die plein aan Tomstraat, hierdie keer namens die studente, om sportsoorte soos krieket, tennis en voetbal (rugby) te kon beoefen.⁶⁷ Maar ook hiervan het niks gekom nie.

Intussen het die Senaat reeds vroeg in September die plaaslike skoolraad versoek om ses erwe in die Noordburgerregte af te staan. Hierdie versoek is toegestaan maar terselfdertyd is 'n kommissie aangewys om nog meer grond te probeer bekom, spesifiek wes van Presidentstraat tot teen die spoorlyn.⁶⁸

Teen November 1919 was die planne vir die kollegegebou gereed, teen 'n beraamde koste van £4 125. Vanweë onsekerheid oor die getal studente, is die planne vir 'n losieshuis voorlopig teruggehou. Na verwagting sou tussen £10 000 en £12 000 vir geboue nodig wees.⁶⁹

Maar vanwaar dan tog die geld?

Oudergewoonte is eerste by die kuratore om hulp angeklop. Sommer daar en dan is die vergadering onderbreek om met die kuratore te beraadslaag. Voorsitter JA du Plessis stel die behoeftes, wat toegeskryf kan word aan die gebrek aan vastigheid en aan die tydelike posisie wat beklee word.

Die kuratore het aandagtig geluister en toe afsonderlik gaan vergader. Daarna is hulle besluit aan die Raad oorgedra, naamlik dat van kuratorekant sterk pogings aangewend sal word om 'n vervroegde sinode te verkry "waar 'n finale beslissing geneem sal word, waardeur die posisie van die Raad in die reine sal kom".⁷⁰

Kort hierna, in Februarie 1920, verneem die Raad dat die stadsraad bereid is om agt morge grond ten weste van Presidentstraat in die rigting van die spoorlyn af te staan sodra die PUK by die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer is. Die onlangs gestigte Normaal Kollege het kort hierna met 'n versoek gekom dat ses erwe wat deur die skoolraad aan die PUK gegee is,



1.8.6

Pres Pretoriushuis. Die huis is in die laat sestigerjare deur voormalige staatspresident MW Pretorius gebou, het later in besit gekom van die Bodenstein-familie en is aan die begin van die 20ste eeu deur mnr Alexander Maclagen gekoop, wat dit ingrypend gemoderniseer het. Die man op die stoep is waarskynlik McLagen self. Die huis sou later 'n besondere plek in die geskiedenis van die PUK beklee.

aan hulle oorgedra word. Met die versekering van die stadsraad dat aan die PUK soveel grond as wat hulle nodig mag hê, gegee sou word, het die kommissie van Finansies toegestem tot die oordrag aan Normaal.⁷¹

So gebeur dit dat Normaal, wat in oorlogstydse sinkbarakke op die Witrand-terrein buite die dorp gevvestig was, in 1923 verskuif na 'n terrein digby die PUK – kompleet met sinkgeboutjies en al.⁷² Die logistieke infrastruktuur vir onderlinge samewerking is geskep.

In Junie 1921 besluit die Raad om die stadsraad te



1.8.7

Die ou presidentswoning het vir 'n tyd lank die status gehad van "kollegegebou". Einde 1922 het Jessie MacLagen die huur egter opgesê.

nader oor 'n stuk grond 30 morg groot. Gelukkig was prof APC Duvenage op daardie tydstip burgemeester en het hy by voorbaat dit as sy oortuiging uitgespreek dat dit wel verkry sal word. En dit was toe so – nee, nog meer: in rektor Postma se verslag vir 1921 is met dankbaarheid melding gemaak van 'n skenking van 35 morge grond deur die Potchefstroomse stadsraad.⁷³

Hierdie terrein, geleë ten ooste van die spoorlyn en wes van Hoffman- en Loopstraat tot aan die pad na die latere Huishoudskool, is later aangevul met twee morge grond ten weste van Tomstraat en sou as basis dien waarop die jong universiteitskollege homself fisies



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

kon vestig. Daarmee sou tot in die veertigerjare in die basiese terreinbehoeftes voorsien wees.⁷⁴

Maar om destyds genoeg grond te hê was een ding; om dit sinvol en effektief te kon benut en te ontwikkel, in ooreenstemming met behoeftes, het geld benodig. En dit – finansies – was op hierdie stadium die Achilleshiel van die nuwe universiteitskollege wat tradisioneel nie kon steun op 'n welaf ondersteunersgemeenskap nie en wat nog maar aan die agterspeen gedrink het vir sover dit staatsfinansiering betref.

Me Maclagen na wie reeds in November 1918 verwys is as "eigenares van die kollegegebouw", het intussen haar bereidwilligheid te kenne gegee om die historiese ou huis in 1921 weer aan die Raad te verhuur. Dit is ook in 1922 gedoen, waarna die eigenares egter die huur opgesê het.⁷⁵

Wat losieshuise aanbetrek, is daar maar steeds van bakboord na stuurboord geskarrel. In Februarie 1920 het rektor Postma berig dat 'n huis gehuur is, as meisieslosieshuis. Oproepe om "gifte" vir die betaal van die huishuur het nog niets opgelewer nie, terwyl versoek om rentevrye lenings vir die bou van 'n meisieslosieshuis net £5 van 'n waldoener van Krugersdorp opgelewer het. Prof Duvenage, as huisvader, is versoek om maar weer briewe uit te stuur en om skenkings en rentevrye lenings te vra.⁷⁶

Afgesien van die behoefte aan gesikte huisvesting, het ook die akademiese komponent gebuk gegaan onder die las van onvoldoende en ontbrekende fasilitete. So byvoorbeeld moes student I van Rooy, weens gebrek aan apparaat in die eie laboratorium en nadat die Senaat van die TUK, ten spyte van 'n vroeëre versekeringsdeur die minister van Onderwys gegee, geweier het om hom by hulle te akkommodeer, sy praktiese eksperimente by Grey Universiteitskollege gaan doen.⁷⁷

Die Raad het met ontsteltenis hiervan kennis geneem en die rektor versoek om die saak persoonlik met die sekretaris van Onderwys, mnr Geo Hofmeyr, op te neem.⁷⁸

Deur die Raad versoek om 'n kosteberaming vir noodsaklike laboratoriumgeriewe te maak, het die Senaat gerapporteer dat minstens £1 500 nodig was. En vir jaarlikse instandhouding van die laboratoriums en biblioteek word 'n bedrag van £500 begroot. In Augustus 1920 moes prof Duvenage weer op sy beurt self reëlens tref met die Johannesburg Kollege, sodat vier studente in September vir tien dae van hulle laboratoriums gebruik kon maak.⁷⁹

Die logistieke omstandighede waaronder die nuwe universiteitskollege sy toetreding tot die gelede van die

gevestigde hoër onderwys inrigtings gedoen het, was dus alles behalwe rooskleurig en beslis nie bevorderlik vir akademiese groei en prestasies nie. Geen wonder nie dat rektor Postma se verslag aan die spesiale sinode van 1920 maar ietwat swartgallig was.

Die huidige fasilitete is "seer onvoldoende en onbevredigend", sê hy: dit ontbreek aan gesikte geboue "en op allerlei maniere moet die staf hulle behelp"; die laboratoria voldoen nie aan gestelde vereistes nie, en dieselfde geld vir die biblioteek. Die gevolg van hierdie toestand, vervolg Postma, is dat die aantal studente verminder "en die bestaan van die Kollege in gevaar gebring word".⁸⁰

Nog altyd feitlik totaal verstoek van die goud- en silwerpotte van lewende en testamentêre waldoeners, moes die PUK effens groen van jaloesie gewees het oor die aard en omvang van geldelike meevallers vir sommige van hul groter eweknie inrigtings. 'n Insamelingsveldtogg vir die omskepping van die Johannesburg School of Mines in 'n universiteit het uit baie oorde entoesiastiese reaksie ontlok. Die plaaslike stadsraad sou jaarliks £10 000 bydra en teen einde 1919 staan die fonds al op ongeveer £50 000 – insluitende £10 000 elk van Standard Bank, die Bank van Natal en die Raad van Onderwys, £5 000 van GF Jooste en 'n klompie duisendponders.⁸¹ Nog meer skouspelagtig was die enorme bedrae geld wat na die Universiteit van Kaapstad gestroom het, met as doelwitte 'n half miljoen pond vir ontwikkeling, £100 000 vir 'n gedenksaal ter ere van Sir LS Jameson en £100 000 vir beurse aan studente.⁸² Astronomiese bedrae, gemeet aan dit waarmee die PUK moes regkom ...

Selfs 'n "teleurgestelde oud-student" van Stellenbosch het, verwysende na die genoemde twee universiteite se "kolossale" uitbreidingsplanne, gewonder wat gaan sy Alma Mater doen. Sy opmerking dat die regering Stellenbosch stiefmoederlik behandel en dat van "millioenairs" maar min verwag kon word,⁸³ sou kopknikkend deur PUK-ondersteuners beaam kon word. En hoewel die PUK nog maar in die kinderskoene gestaan het, sou die oud-Matie se verwysing na Stellenbosch as "Volksuniversiteit" en sy vernaamste ondersteuners synde te wees "die volk", reeds 'n effense refrein op die PUK-kampus hoorbaar gemaak het.

Dit het van meet af aan maar broekskeur gegaan om die PUK se boeke te laat klop, wat nog te sê groot projekte aan te pak. Ondanks die regeringsubsidie van £3 000 en 'n stewige £2 400 wat jaarliks deur die Gereformeerde Kerk in die PUK se geldkoffers gestort is, was daar steeds te min om in die behoeftes te voorsien. Alle moontlike middele en weë sou beproef moes word om fondse te genereer.




Voelers is uitgesteek na vriende digby. Deur die Senaat daartoe geïnspireer, het die pas ingestelde Raad van die nuwe universiteitskollege besluit om die statute van die Kollege, wat voorsiening maak vir donateursvertegenwoordiging op die bestuursliggaam, onder die aandag van die stadsraad van Potchefstroom te bring. Die toepaslike bedrag vir sodanige verteenwoordiging is tydens die volgende vergadering in September op £500 vasgestel.⁸⁴ Waarskynlik omdat die stadsraad intussen behulpzaam was met die verkryging van grond vir die kollege, is nie hierop gereageer nie.

Daar is ook weer bakhand gaan staan by die Nederlandse vriende van vroeër. Hier was meer as net geld op die spel ...

1.8.5 Nederlandse steun ... dalk die Kruger-miljoene?

In Februarie 1919, enkele maande voor die afskeiding, is berig ontvang dat die Nederlandse vriende 'n versoek om 'n bedrag van £800 van die hand gewys het en wel "omdat £800 vir so 'n klein getal studente deur hulle nie profijtelik geag word nie – en omdat Stellenbosch goeie geleentheid aanbied vir die studie v/d Holl. taal".



1.8.8

Prof JW Pont, voorsitter van die Nederlandsch Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV), het in 1919 indringende vrae gevra ...

Die kuratore het hulle nie hierdeur laat afsit nie en het prof Jan Kamp, wat as tussenganger opgetree het, aangemoedig om te volhard in sy pogings om die vriende tot ander insigte te oorreed.⁸⁵

Tydens die eerste vergadering van die nuwe universiteitskollege se Raad is besluit om die Nederlandse vriende per brief te pols oor moontlike verdere hulpverlening.⁸⁶ Soos in die geval van die toenadering tot die stadsraad, was dit ook die Senaat wat geadviseer het dat weer by die Nederlandse vriende om hulp aangeklop sou word. Om die erns van die saak te beklemtoon, is die versoekbrief deur al die lede van die Raad onderteken.⁸⁷

Gesien die negatiewe toon wat die voorafgaande en volgehoue pogings tot voortsetting van hierdie steun van Nederlandse kant ontlok het, ag die nuwe bestuursliggaam dit nodig om homself goed bekend te stel. Afgeskei en losstaande van die Teologiese Skool, is die Potchefstroomse Universiteitskollege 'n inrigting vir hoër onderwys wat op dieselfde lees geskoei en in eksamenresultate die gelykwaardige is van die ander kolleges wat by die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer is. Meer nog: in sy ontstaan en 50-jarige bestaan was die inrigting "de expressie van een eigen levens- en wetenschaps-beschouwing van een betrekkelik kleine maar energieke Afrikaner volksgroep" en "door haar voorbeeld een krachtige steun voor de bevordering van H.O. [Hoër Onderwys] in Z. Afrika doormiddel van de Hollandse of Afrikaanse taal ..."

Die rede waarom die kolleges wat geïnkorporeer is, ruimer subsidie ontvang (£3 vir elke £1 self gegenerer, teenoor die £-vir-£ stelsel van die PUK), lê opgesluit in artikel 9 van die PUK se statute, waaruit blyk "dat nog altoos by ons vooropstaat de handhiving van het specifiek-christelik karakter 't welk het Hoger Onderwys in deze Inrichting steeds gekenmerkt heeft, howel [sic!] zonder onderscheid van enige **kerklike** grenslyn, noch voor Professoren, noch voor studenten".

Hoewel daar in die kollege se wet geen regstreekse voorsiening gemaak is vir inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika nie, het die regering tog subsidie "onder onze afwykende grondslag" toegestaan "en gaan sy selfs verder in die toezegging van haar meeswerking tot onze inkorporasie, indien mogelijk met erkenning van deze onze grondslag". En waarskynlik sal dit ook die basis wees waarop vorentoe op inkorporasie besluit sal word.

Maar dis die hier en die nou wat in die spel is, die bestaan en voortbestaan. Daarom word gewys op die statutebepaling ten opsigte van raadslidmaatskap vir bydraende korporasies wat £500 bewillig. 'n Beroep



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

word gevvolglik op die vriende gedoen dat die vorige awysende versoek herroep sal word.⁸⁸

Hierdie versoek is vergesel van nog 'n gloeiende getuigskrif van verteenwoordiger Bisschop in Pretoria, wat oortuig was "dat wy moeilik een Lichaam kunnen vinden, dat zoozeer onse zimpathie verdient als deze Heeren, zoowel wat betreft hun streven als hun persoonlyke hoedanigheden". Lidmaatskap van die Raad van die PUK sal beteken kragtige medewerking "om deze **eenige** Hooger Onderwys Instelling, waar **onze** taal **geheel** en al tot haar recht kom, te ontwikkelen, en een hoeksteen te doen blyven voor het waarlyk Nasionaal Onderwys". Bisschop maak daarvan 'n gevoelsaak, speel op die "vriende" tuis se gevoel: "De geest, die daar heerscht, en daar onder de Studenten wordt aangekweekt, is zoo frisch, zoo krachtig. De overtuiging, welke daar heerscht, zal bydragen tot een ontwikkeling van die Volksgeest, zoals alle ware Vrienden der Afrikaners die wenschen."⁸⁹

In Amsterdam is besluit om die saak te laat hang, totdat prof Pont, wat op daardie oomblik op besoek in Suid-Afrika was, teruggekeer het.⁹⁰

Prof JW Pont,⁹¹ voorsitter van die moederliggaam NZAV en die man wat reeds aan die begin van 1919 in "een uitvoerig schriven" aangetoon het dat die fondse wat so aanhouwend deur Bisschop namens Potchefstroom aangevra is, "toch niet kan worden toegestaan",⁹² was einde November, tydens die viering van die 50-jarige bestaan van die Teologiese Skool, een van die uitgelese gaste op Potchefstroom. Die dag voor die hooffees sit hy saam met 'n stellige sesmanafvaardiging van die nuwe universiteitskollege om die tafel in die plaaslike Queen's hotel: raadsvoorsitter JA du Plessis, registrator WJ de Klerk, raadslid P Stoker en professore JD du Toit, F Postma en J Kamp.⁹³ Namens die PUK-kontingent hou prof Kamp notule en word dié later na die NZAV deurgegee.

Met 'n dankie vir die vroeëre hulpverlening, identifiseer ds De Klerk dadelik die doel van die byeenkoms as "om te zien of bestaande bezwaren niet weg te nemen zijn door mondelinge gedachtenwisseling". Ja, sê Pont, dit skyn nie asof Potchefstroom presies weet waaroer dit gaan nie. En dan noem hy die probleme punt vir punt op, en word dit deurlopend beredeneer.

Eerstens dan, 'n gevoeligheid by die "vriende" oor bewerings dat Afrikaners se geld in Nederland is en vir Afrikaanse doeinde gebruik moet word, wat hom laat vra: "Heeft dit iets te doen met de legende van de Afrikaanse miljoenen die Pres. Kruger van hier meegeslept en in Holland gedeponeerd hebben zou?" Die antwoord: daar is maar net gedink aan fondse onder beheer van die Zuid-Afrikaanse Stigting Moederland (ZASM). Hierdie fondse, verduidelik Pont,

word vir ander doeinde gebruik.

Hoekom, vra Pont verder, het julle nie die advies gevolg om deur middel van koerante soos *De Heraut* in Nederland oproepe om steun te doen nie? Antwoord: omdat gemeen is dat die bogenoemde fondse wel beskikbaar was.

Maar julle kollekteer dan onder julleself vir die Vrye Universiteit, troef Pont die Potchefstromers weer.

Antwoord: "Ja, wy hebben het ons een pliek gerekend om dit te doen om het vele profyt dat onse kerk en onse school (Theol.) van die inrichting geniet. Maar namate die behoeften van onse Kollege meer word, moesten die bydragen wel verminderen." (**kyk insetsel op p207**)

Pont: Julle bewering dat jul kollege op die gebied van taalmedium en nasionaliteit die enigste "gezonde" is, is nie meer houbaar nie. Daar word toegegee; dalk wel nog in Transvala, maar nie vir die hele Unie nie.

Hiermee is waarskynlik die crux van die saak uitgelig. In die voorleggings vanveral verteenwoordiger Bisschop is aanhoudend op hierdie saak gehamer en is die Keizersgracht toegegooi onder inligting oor die negering en verwaelosing van Afrikaans/Hollands aan die ander instellinge vir hoër onderwys. Veral inligting oor toestande te Stellenbosch is deur die bestuurslede bevraagteken en inderdaad grootliks weerlê, wat tot redelike groot frustrasie met Bisschop gelei en daarmee saam dalk die saak van die Potchefstromers onnodiglik benadeel het.

Uitvoerige bespreking volg. Pont lees besonderhede oor die toestand te Stellenbosch voor en wys op die snelle vordering wat oor 'n breë terrein gemaak is. Onder prof Pont se nagelate stukke, in die NZAV-Argief te Keizersgracht, Amsterdam, is daar onder andere 'n bladsy met aantekeninge oor al die dosente wat aan Stellenbosch in Afrikaans en Nederlands doseer. Daar is ook 'n paragraaf met soortgelyke informasie oor die GUK te Bloemfontein. Hierop is van kommissie-kant erken: die besonderhede wat na Amsterdam deurgegee is, is verkry uit persoonlike mededelinge uit verskeie oorde en kan moontlik wel "ietwat anticipeerden".

Maar dit moet ook erken word, en word gevvolglik genoteer "dat Potchefstroom tot voor weinige jaren ook door Afr. Professoren van andere Kolleges erkend werd als het alleenstaande voorbeeld, opgekomen als het is uit de boezem van een welbewuste Afrikaner volksgroep." Prof Pont gee toe en sê dat dit ook so in Holland erken en waardeer word, maar hou voet by stuk "dat onder de tegenwoordige omstandigheden Potchefstroom niet meer als een alleenstaande stryder aanspraak kan op subsidie uit Holland".



1.8.9

Ds DERK RUMPFF

Hierdie kollekteerdery vir die Vrije Universiteit van Amsterdam was hoofsaaklik gekoppel aan die persoon van ds Derk Rumpff, wat in 1919 Gereformeerde predikant te Venterstad was. Hy was ook goed bekend met die heer Jaap van Oversteeg, een van die direkteure van die Vereniging vir Onderwys op Gereformeerde Grondslag (VOGG), wat as bestuursliggaam van die VU gefunksioneer het. Rumpff was vanaf die begin van 1919 aktief besig om vir hierdie instansie te kollekteer en was van plan om nog in die loop van die jaar 'n komitee vir dié doel te stig. Of hierdie voorname werklikheid geword het, kon nie vasgestel word nie. Altesaam 55 omsendbrieve oor hierdie insamelingsveldtog is binne die Gereformeerde en die NG Kerk versprei en was ook daarop gemik om studente aan te moedig om aan die VU te gaan studeer. In April 1919 het Rumpff reeds 'n bedrag van 1000 gulde

Pont opper dan die vierde beswaar: U beweringe dat medewerking van ander kerke en die regering verkry sal word, was maar altyd heel vaag en is nie verwerklik nie.

Antwoord: "Onze Korrespondentie kon in dit opzicht niets anders zyn dan een reflex van die werkelike toestand. Telkens werden van uit die kringen der andere kerken ons uitzichten geopend op medewerking, maar

aan die VU gestuur en op 15 Mei 1919 is bydraes van 11 Gereformeerde gemeentes ter waarde van ongeveer £75 en ongeveer £72 vanaf NG gemeentes in die Gereformeerde kerkmondstuk erken. Middel September is daar 'n verdere lang lys van bydraers, met 'n totale skenking van digby £100, en het Rumpff namens die direkteure en kuratore van die VU sy hartlike dank aan die milde gewers oorgedra.

Rumpff se kollekteerdery tydens kerklike feesvieringe te Burgersdorp in 1919 het ietwat spanning binne kerklike kringe veroorsaak en het ook nie in die kraam gepas van prof. JW Pont nie, wat veel eerder wou sien dat sulke gelde na die NZAV se koffers sou gaan.

Uit 'n verdere skrywe van Rumpff, in Augustus 1921, blyk dit dat daar by die Pont-aangedreve NZAV nie baie liefde vir die VU was nie – wat dalk gereflekteer het in sy terughoudendheid (finansieel gesproke) jeens die PUK, wat op sy beurt weer sulke goeie verhoudinge met die VU gehad het.

In sy Augustus-brief aan "oom Jaap" maak Rumpff, nou predikant te Heidelberg, Transvaal, ook melding van die £12 000 wat teen 1919 vir die PUK ingesamel is en sê dat een-tiende daarvan vanuit sy destydse gemeente Venterstad afkomstig was. Skynbaar is hier 'n gulde geleentheid om in die knypende finansiële toestande van destyds te voorsien, deur die vingers laat glip. Hy lig "oom Jaap" só in: "Aan de Senaat schreef ik toen dat ik met behulp van 'n professor, alleen uit de Kaap-provincie, £ 10 000 zou bijeen brengen in minder dan 6 maanden. Stel u voor, iemand had mij in dat geval een hele boeren plaats aangeboden. De Heeren schreven my, dat ze geen tijd hadden ofschoon ze een vacante van 3 maanden er aan konden geven."

En nou dat hulle 'n ernstige krisis het, sê Rumpff, en daar byna geen geld te kry is nie, "hebben zij er spijt van als haren op hun hoofd" en is die les geleer, "Uizer smeden als het heet is".

(VU-Argief, Dir.Map 1921/115, D Rumpff/J van Oversteeg, 18.8.1921)

telkens liep het op niets uit. Ook die regering heeft ons in zake subsidie op sleeptouw gehouden, totdat nu eindelyk een bedrag toegestaan is".

Vyfdens en laastens gaan dit vir Pont oor die feit dat sekerheid nog nie verkry is oor die lewensvatbaarheid van die inrigting nie – wat 'n voorvereiste vir ondersteuning is.



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

Die kommissie antwoord hierop deur te wys op 50 jaar se toenemende groei, veral die laaste paar jare. En op die feit dat die regering, wat oor alle feite en gegewens beskik, besluit het om subsidie toe te ken, met erkenning selfs van 'n grondslag wat nie met die bekende gewetensklousule ooreenstem nie. Nee, meer nog: die regering dring aan op inkorporasie, en is selfs bereid om, binne die perke van die wet, hulp te verleen. Is dit dan nie levensvatbaarheid "als een afzonderlyk getypeerde inrichting" nie? En sou kuratore of selfs die nuwe Raad met hul moeisame taak belas wou wees "als ze niet vast geloofden in de eigenaardige roeping van deze school en in haar levensvatbaarheid"?

Dit is slegs die gewetensklousule wat tot dusver inkorporasie verhoed het, betoog die kommissie. Daar word nou gestaan voor die keuse: óf om die gewetenskousule gewysig te kry, óf om op die huidige subsidiebasis geïnkorporeer te word. Na welke kant toe ookal, daardeur sal 'n verdere belangrike diens ten opsigte van die intellektuele bevryding van die Afrikaanse volkslewe gelewer word. Hierdie stryd kan nog twee tot drie jaar duur, en daarom word sterk by die Nederlandse vriende om voortgesette steun aangedring: "... in geen geval zouden wy gaarne gedwongen worden tot opgeven van ons ideaal nu, in deze periode, nu wy de kans hebben om zoo 'n belangryke beslissing uit te lokken".

Veel misverstand is deur die ontmoeting uit die weg geruim, sê Pont ten slotte. Die vraag wentel steeds rondom levensvatbaarheid, en of hulpverlening "uw inrichting door een moeilike periode zou kunnen heenhelen zoodat sy later krachtig en profytelik zou kunnen voortbestaan ook sonder die steun".

Daarmee was dit oor en uit, terug na Pont en sy vriende.

In stryd met prof Kamp se verslag, waarin geen sodanige data vervat is nie, rapporteer die kommissie terug aan die Raad dat prof Pont onderneem het om by die "vriende" aan te beveel om die kollege vir drie jaar te subsidieer.⁹⁴

Hoe Pont en sy medebesluitnemers in Holland die saak verder hanteer het, en hoe hulle oor die saak gevoel het, kon nie vasgestel word nie. In Augustus 1920 het die Vereeniging ZASM besluit om wel 'n bydrae van £200 "voor uiterlijk twee jaar" aan die kollege toe te staan, op voorwaarde dat Gereformeerde kerke in Nederland dieselfde bedrag byeenbring. Die bedrag is teen die rekening van die Fonds vir Hollandse Onderwys in Suid-Afrika uitbetaal. Van die Raad se kant is dank uitgespreek "vir die gift van £200 en die belangstelling van die Professor in ons Kollege". Raadslid Stoker sou persoonlike dank oorbring tydens 'n voorgenome besoek aan Nederland. Bisschop dra

ook die boodskap oor dat die geld handig en tydig was: inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika word bewerkstellig en verskeie aanstellings moet gedoen word.⁹⁵

Maar Bisschop doen ook navraag of daar dan nie gevra is vir verteenwoordiging in die Raad nie. Die vorige keer was die bestuur wel op die Kuratorium verteenwoordig en het dit "veel nut gebracht, al was het slechts de invoering van Hollandsch als uitsluitende voertaal". Maar, vir Bisschop as moontlike raadslid en ook vir die PUK as sodanig was dit neusie verby en hy word baie pertinent daarop gewys "dat onze Vereeniging geen prys stelt op de Vertegenwoordiging in het Curatorium van dit kollege, aangezien het vorig jaar voor die laatste maal de steun is uitgekeerd geworden".⁹⁶

Teen 1919 was daar feitlik nie meer kontak tussen die studentekorpse van die PUK (Korps Veritas Vincet) en dié van die VU, Amsterdam (Nil Desperandum Deo Duce) nie en was die behoefte groot om iets van die "Vrije vriende" te verneem. Die aanwesigheid van die energieke L.J. du Plessis, wat in 1920 sy kandidaatseksamen in Filosofie (Philos. Cand.) aan die VU afgelê het, op die kampus van die Amsterdamse eweknie-inrigting het verhoudinge tussen die PUK en die VU weer effens in die kollig geplaas. Met die verwagting dat nog meer van Potchefstroom se Korpslede hulle vir verdere studie na die VU sou begeef en aan bedrywighede van hierdie inrigting se Korpsbedrywighede deelneem, het hierdie twee korpsliggame tot 'n verhouding van "bevriende corpora" toegetree, met outomatiese wedersydse lidmaatskap "sonder noviaatsverplichtings". Vir hierdie sedelike steun vanuit Nederland was daar op die PUK-kampus groot waardering.⁹⁷

Ongelukkig was wat bestempel is as 'n "lesenswaardige artikeltjie", wat deur Du Plessis vanuit Amsterdam gestuur is, te laat vir publikasie in die PUK-studente se jaarboek.⁹⁸ Einde Mei 1921 vra Du Plessis by die Fakulteit Lettere van die VU verlof tot vrystelling, geheel of gedeeltelik, van die kandidaatseksamen in klassieke lettere en wel op grond van "een Afrikaansch diploma". Dekaan prof RH Woltjer het in reaksie gewys op nuwe wetgewing wat dit moontlik maak maar wat nog nie in werking was nie en het geadviseer dat tot dán gewag sal word.⁹⁹ Maar Du Plessis kon of wou nie wag nie en het na Suid-Afrika teruggekeer, waar hy in November 1920 as lektor in Klassieke Tale benoem is.¹⁰⁰

Op versoek is ook 'n korrespondent benoem vir *Fraternitas*, die Groot-Gereformeerde Studentenblad van die verskillende gereformeerde korpse in Nederland. Die versugting dat dit 'n blad was "na wie se aankoms ons verlangend uitsien", gee uiting aan die behoefte om deel te wees van die groter Dietse familie. Nie alleen is daar nou geleentheid vir die bekendstelling van



"onse gedagtes" in wyer kring nie, maar die energieke gees van hierdie blad getuig van kragtige selfbewussyn en moedig aan tot volharding. Daar is verwys na "ons 'medestryders' in Nederland ons broederhand vir saamstaan".¹⁰¹

1.8.6 Vervroegde sinode: "Finale beslissing"

Quo Vadis, PUK vir KHO?

Dit was spoedig duidelik dat hierdie knelvraag, oor die pad vorentoe, nie met die besluit om, ná afskeiding van die Teologiese Skool, die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelike Hoër Onderwys op gang te kry, ten volle beantwoord is nie. Trouens, een en almal wat daarby betrokke was of selfs net daarby belang gehad het, het besef dat hef-aan nog voorlê.

Gekonfronteer met die uiters moeilike taak om die eksperiment van universiteitwees in die praktyk te laat werk en onseker oor hul werklike status, het die Raad hom tydens 'n gesamentlike vergadering op 27 November 1919 tot die kuratore van die Teologiese Skool gewend. By monde van voorsitter ds JA du Plessis en verwysende onder ander na die gebrek aan fondse vir 'n gebou, is aangetoon "hoe moeilik dit is om op 'n vaste basis te werk deur die tydelike posisie waarin ons verkeer". Die kuratore het afsonderlik gaan vergader en daarna teruggerapporteer dat hulle om 'n vervroegde sinode sal vra "waar finale beslissing geneem sal word, waardeur die posisie van die Raad in die reine sal kom".¹⁰²

Ds Marthinus Postma, wat as oudprofessor in die Literariese Departement steeds intense belangstelling getoon het, het enkele dae tevore op 'n kuratorevergadering tevergeefs geprotesteerd dat die voorwaardes waaronder subsidie toegestaan is, instryd was met die besluit van die sinode van 1918.¹⁰³

Die sinodale kommissie, wat intussen moes poog om die gewetensklousule van die wetboek verwyder te kry, het 'n bloutjie geloop by die minister van Onderwys, wat bloot telegrafies laat weet het dat dit hom sput dat die regering nie kans sien om so 'n wetsontwerp in te dien nie. Raadpleging met leiers van ander kerke het ook getoon dat vanuit hierdie oorde nie noemenswaardige steun vir die saak verwag kon word nie "aangesien ander liggeme in die klousule berus met die ondervinding, dat dit hulle geen moeite veroorsaak nie".¹⁰⁴

Vanweë die benarde situasie waarin die PUK verkeer het – die studentetal het intussen met byna die helfte verminder "en dit terwyl alle ander kolleges hard vooruitgaan" – kon die kommissie nie anders nie as

om by die sinode aan te beveel dat tot inkorporasie oorgegaan moes word, maar met voorbehoud van die reg tot protes teen die gewetensklousule wanneer dit nodig mag blyk te wees. Die kommissie glo dat die saak veel beter gedien kan word "as die kollege eers in die Raad en Senaat [van die Universiteit van Suid-Afrika] deur erkenning sig kan laat gelde".¹⁰⁵

Ter algemene inligting en met die oog op deurdagte besprekings tydens die sinode is die verslag van die sinodale kommissie aan die begin van Julie 1920 in *Het Kerkblad* gepubliseer. Maar die openbare gesprek was reeds geruime tyd aan die gang en verskeie persone het deur middel van die kerklike mondstuk rigting en koers probeer aandui.

In September-Oktober 1919 was dit ds WJ de Klerk wat met drie kort artikels die situasie grondig ontleed en tot die gevolg trekking gekom het dat inkorporasie die enigste weg was om te volg. Eerstens, om finansiële oorwegings: die las het vir die kerk te swaar geword en die behoeftes word daagliks groter. 'n Tweede voordeel is verlossing van die "ellendige posisie van buistemaanders", dat in plaas van "knegskap" dan "seggenskap" verkry sal word. Die derde en belangrikste voordeel is egter "dat ons 'n kans kry om onse beginsele uit te dra buite ons kring. Ons kan die lig laat skijn in die geleerde wêreld van Suid-Afrika ..."¹⁰⁶

Die nuutbenoemde teologiese professor en ywerige rubriekskrywer van die kerklike mondstuk, ds JA du Plessis van Pretoria, het op sy beurt in Maart 1920 lesers se aandag gevestig op verskillende aspekte van die probleem wat voor die sinode sou dien. Dit was volgens hom uiters noodsaaklik dat so spoedig moontlik tot 'n beslissing geraak moes word.¹⁰⁷

Kort voor die sinode het ds Willem Postma, vir baie jare reeds een van die mees prominente meningsvormers in die gelede van die Gereformeerde Kerk, in 'n bydrae in die kerkmondstuk getiteld "Onse Skool", ook perspektief op die saak probeer plaas en wel na aanleiding van al die inligting wat deur die kuratore aan die sinode voorgelê sou word en wat vooraf ter kennismaking gepubliseer is. Postma kan tot 'n groot mate bestempel word as die argitek van die planne vir inkorporasie en sy hiernavolgende betoog kan inderdaad beskou word as samevatting van die standpunte en motiewe wat die kuratore se voorstelle ten grondslag gelê het.

Volgens hom het die kuratore te staan gekom voor twee moontlikhede, naamlik óf inlywing onder die wet, óf net een of twee professore behou vir literariese werk met die oog op proponente opleiding en dan die Kollege, soos dit uit die Literariese Departement ontwikkel het, te sluit. Anders gestel: "Of onse



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

kinders hou in 'n skool, waарoor ons volle beheer het en ons ten volle onse invloed en beginsels laat gelde onder 'n denkbeeldige gevaar, wat daar skuil onder die gewraakte gewetensklousule – of eenvoudig hulle roerloos laat heenswerf op die onsekere watere van hoger onderwys sonder Kristelike beginsels."

Baie insiggewend is die verwysing van Postma na die "denkbeeldige gevaar" van die gewetensklousule – 'n siening direk in stryd met byvoorbeeld die minderheidsrapport van ds Dirk Postma. Ons stel die enigsins "verligte" Willem Postma self aan die woord, hieroor:

"Wat is die vrees vir die klousule? Dit, dat daar onder 'n Kristelike raad gevaar staan, dat 'n onkristelike professor insluip in die skool en so gif saai in die harte van onse kinders – al is daar dan nog tien gereformeerde professore naas die een. Maar hoe dan als ons onse kinders stuur naar een of ander skool, waar byna geen een professor gereformeer is en die studente vir 'n groot gedeelte geheel onverskillig. Veronderstel al, dat daar so 'n professor insluip (iets wat ek later als iets onmoontlik sal voorstel) dan sal dit vir die professor oneindig gevaarliker wees as vir die studente, maar in ieder geval is die studente tog nog in gesonde omgewing onder gereformeerde toesig en hoor dageliks professore, wat Kristelike beginsels op hoger onderwys gebied handhaaf en verkondig. In die ander skole het hulle alle kans om niks aan te tref, wat onse beginsels bevorder, maar intendeel, wat hulle daarvan aflei ... Nou wel, dan lê die keuse ten bate van onse seuns net hierin – 'n skool van ons uitgaande, deur ons geldelik en sedelik beheers en onder onse invloed – of 'n skool buiten ons, waar onse kinders tog ook maar onder die klousule kom te staan, maar waar geen die minste hoop is op bevordering of selfs behoud van onse beginsels. Laat ons hier op onse gewete af eerlik en verstandig kies."

Maar Willem Postma het ook die noodsaaklikheid van inlywing by die Universiteit van Suid-Afrika beklemtoon. Daardeur word regspersoonlikheid verkry, asook verteenwoordiging in die Raad en Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika en die reg om self te eksamineer: "Ons kom dan geheel op gelyke voet met al die ander samestellende kolleges te staan, met dieselfde magte, regte en voordele en tog bly ons als kollege selfstandig, wat die inwendige belangte betrek. Onse aansluiting of inlywing gee ons net gelyke magte en regte, maar bring ons onder geen enkele verpligting hoegenaamd teenoor die ander kolleges. Op die oomblik regeer hulle ons met betrekking tot eksamens en leerkursusse, en ons het geen reg om eers onse ontevredenheid te kenne te gee, sonder onsself nog meer in gevaar te bring."

Weer terug by die gewetensklousule, wys Postma op die onmoontlikheid van 'n verkeerde aanstelling binne die bestaande sisteem. Nege uit die dertien raadslede is Gereformeerdes terwyl die vier regeringsverteenvwoerdigers gewoonlik persone is wat met die inrigting en sy beginsels simpatiseer of in elk geval bloot daar is vir die vorm: "In ieder geval gaan alles by meerderheid van stemme en 'n Raad van nege Gereformeerdes sal tog nie maklik 'n wolf in skaapsklere laat deurglip nie of ons moet onsself ook nie kan vertrou nie, maar dan is daar ook nie meer kans vir enige waarborg vir behoud van beginsels als dit nie aan vertrouwbare manne kan toevertrou word. Daar is dus net een gevaar en dit is, dat nege uit dertien lede van die Raad verraaiers van onse beginsels moet wees."

Oor die gevaar van geld, en die opvatting "die wat die geldsak hou is baas", wys Postma daarop dat deur die subsidiestelsel die kerk en nie die regering nie die geldsak hou: "Dit is onse skool, wat deur die regering gesubsidieer worde. Dit word geen regering-skool nie, daar is geen inmenging van die regering in die werk nie, dit berus simpel en alleen in die hande van die Senaat (die liggaam van professore). Gee ons geen geld, dan verval die regeringsgeld ook – dus ons het die geldsak; alles hang van ons af ... Een ding is seker, die kerk bly én deur die Raad én deur die subsiedie baas."

Sy slotsom is dus dat die kerk deur die sinode 'n protesstem sal laat hoor, "noodgedwonge onder 'n wet, wat reeds – en dit buiten ons om – bestaan, inlyf om regspersoonlikheid onder die wet te kry en dan onse kans waarneem om die wet gewysig te kry, als die begeerte daarvoor bly. Ons sal veel beter in Raad en Senaat onse invloed kan laat gelde, onse krag laat voel als wanneer ons buite staan. Intussen sal onse skool ten volle bevorreg [sic!] wees, die getal studente aanwas en onse posiesie versterk worde – sodat van ons notiesie moet geneem worde. Intussen sal onse skool nie kan ly nie, want die professore wat daar is, en vir jare nog sal wees D.V. is gewenste manne ... Noot kan ik mee gaan met die minderheidsrapport om terug te gaan op die jaar eerder, die skool te laat verval, als buitestanders te veg en eindelik weer van vooraf oordoen wat onse Vaders tot stand gebring het, en dit wanneer dit hopeloos sal wees."¹⁰⁸

Vir Postma was dit feitlik 'n uitgemaakte saak dat geïnkorporeer sou word en hy erken gevolglik in 'n privaat brief aan vriend JD Kestell dat sy ideaal om Grey Universiteitskollege (GUK) en die PUK te laat saamsmelt, voorlopig van die baan is. Maar dit bly vir hom toekomsmusiek, dit kan wel later nog plaasvind – veral omdat Transvaal binne afsienbare tyd twee universiteite sou hê en Potchefstroom dan nie 'n kans sou staan om sodanige verhoogde status te verkry nie.¹⁰⁹



Willem Postma het kennelik met verdeelde lojaliteit geworstel. Die dringendste taak wat nou voorlê, laat weet hy vir Kestell, is om GUK in 'n suiwer Afrikaanse kollege vir die Vrystaat te omskep, ten einde daardie studente wat deur hul predikante en kerke vir Stellenbosch en Potchefstroom gewerf word, plaaslik te behou. En spel hy vir Kestell 'n sleutelrol uit "om die Vrystaatse volk te win vir 'n eie Univ.[ersitaire] denkwêreld" en om "'n eie Vrystaatse Afrik.[aanse] ding" te verkry.¹¹⁰ Inderdaad word Postma dan ook erken as een van die stratege in die pogings om die GUK in 'n Afrikaanstalige inrigting te omskep.¹¹¹

Mnr. JJA Coetzee, hoof van Potchefstroom Gimnasium, het ter ondersteuning van ds Willem Postma daarop gewys dat afgestudeerde leerlinge van sy skool, wat sy beslag gekry het as voorbereidende skool vir die Teologiese Skool/Literariese Departement, "ons Kollege verbygaan en naar Pretoria of Stellenbosch gaan ... omdat hulle die moeilikhede verbonde aan die eksterne posiesie dag aan dag hier aanskou". Hy was optimisties dat die Christelike beginsels ten spyte van inkorporasie behoue sou bly en het huis sy skool, wat "nog net so Kristelik Nasional as voorheen" was, as voorbeeld voorgehou.¹¹²

Ook die studente, by monde van segsmanne HG Stoker en FJ du Toit, het van hulle laat hoor en onder meer gewys op die oofferinge wat studente maak deur op Potchefstroom te studeer. Hulle pleit vir 'n deeglike Christelike opvoeding en onderwys vir die jeug van Suid-Afrika en wys op die noodsaaklikheid van 'n erkende kollege vir Christelike hoër onderwys in die land: "In volle vertrouwe koester ons die hoop dat ons Kollege **dié** Universiteit vir die Kristelik Afrikaanse Volk sal word!"¹¹³

Maar daar was ook die keersy. Vanuit Amstelveen in Nederland het ds CJH de Wet, besig met gevorderde studies, die aanvaarding van die gewetensklousule as verloëning van die Christelike geloof bestempel. Al word gesê dat die weg van protes oopgehou moes word, glo hy dat geen haan daarna weer sal kraai nie. Hy glo dat 'n uitweg vir inkorporering met handhawing van die Christelike karakter wel nog verkry kan word; indien nie, "dan staan ons voor die keuse: die eerlike dood of die valse voortbestaan van ons skool".



1.8.10

Mnr JJA Coetzee het sy skool as voorbeeld voorgehou, wat betref die handhawing van Christelike beginsels.



1.8.11

Ds CJH de Wet het sy doktorale studies aan die VU voltooi. Vanuit Amstelveen het hy 'n protest teen inkorporasie laat hoor.

Skynbaar is die neiging vir inlywing sonder meer; om sy gewete nie te beswaar nie maar ook as lidmaat en predikant van die kerk verklaar hy hom beslis ten sterkste teen sodanig inlywing.¹¹⁴

Maar dan is die tyd vir bespiegelinge en propagering van eie standpunte verby en is die bal nou in die hande van die 91 afgevaardigdes van 63 gemeentes van die Gereformeerde Kerk wat vanaf Donderdag 24 September 1920 te Colesberg in 'n spesiale vervroegde sinode byeengekom het.¹¹⁵

Die situasie waarin verkeer is, is mooi saamgevat deur sinodevoorsitter JA du Plessis: "Ons lewe nou in 'n tyd van aksie en lewensstroom. Alles gaan met spoed. Daar is byna geen tyd vir besinning nie. Elkeen moet gereed wees vir aksie en as hy nie staan op 'n vaste rots van beginsels nie, dan word hy gedwing om opportunis te word ... Ons word gedwing om te sê ja of nee. Ons moet of meegaan of ons moet stilstaan. Die trompet moet blaas: 'Voorwaarts'! of 'Halt'! ... Voor nuwe dinge het ons kom te staan."

Die kwessie van die inlywing van die PUK by die Universiteit van Suid-Afrika was een van hierdie "nuwe dinge" waarmee die sinode gekonfronteer is. Ander sake wat ter sprake was, was onder meer vrouestemreg, huwelike en egskeiding en 'n Afrikaanse psalmberyming.¹¹⁶

Wat die toekoms en voortbestaan van die Literariese of Kollege Departement betref, was daar vir sinodegangers inderdaad baie inligting om te verteer. Eerstens, rapporte en voorstelle van die kuratore "insake die Kollege-Afdeling (Potchefstroomse Universiteitskollege) van die Theologiese Skool", te wete 'n rapport van die sinodale kommissie insake die gewetensklousule asook 'n Senaatsrapport "insake die eksterne posiesie". Hierbenewens het die besluitnemers ook kennis geneem van die finansiële posisie waarin die PUK verkeer, soos weerspieël in 'n balansstaat (1919-1920) en 'n begroting vir 1921. Van kuratorekant is daar rapport gelewer oor die PUK vir KHO, terwyl hulle ook 'n meerderheids- en 'n minderheidsvoorstel met betrekking tot inkorporasie voorgelê het. Les bes, het die sinodegangers die statute van die PUK vir KHO, waaronder subsidie vanaf die vorige jaar verleen is, onder oë gekry.¹¹⁷



Bo en behalwe die faktore wat die dag tot dag funksionering van die PUK aan bande gelê het, het die Senaatsrapport ook die probleme en belemmerings wat deur die "eksterne" status van die PUK teweeggebring word, die ongunstige faktore rondom personeelwerwing en die onderbemanning op hierdie gebied noukeurig aan die sinodegangers uitgespel: so ook die afwesigheid van geskikte geboue, die behoeftes aan losieshuise en laboratoria en 'n biblioteek wat nie op standaard is nie. Die slotsom van die Senaatsrapport was dat al hierdie omstandighede die bestaan van die kollege in gevaar gebring het.

Die verslag van die kommissie insake die gewetensklousule het aangedui hoedat hul poging om wetgewing hieroor te laat indien, deur die kort maar besliste telegram afkomstig van die minister van Onderwys gekelder is. Die kommissie is ten volle oortuig dat sodanige wetgewing nie sal slaag nie, terwyl die minister ook uitdruklik verklaar het dat die toegestane subsidie nie bestendig sou word nie. Verder word gerapporteer dat die minister nie teen **Christelike** nie, maar teen **kerklike** onderwys gekant is, terwyl daar ook nie huis kragtige steun van ander kerke verwag kon word nie "aangesien ander liggeme in die klousule berus met die ondervinding, dat dit hulle geen moeite veroorsaak nie". Die kommissieoordeel dat die reg van protes oopgehou moet word en dat die stryd teen die klousule veel beter gevoer sal kan word "as die kollege eers in die Raad en Senaat deur erkenning sig kan laat geldé".¹¹⁸

Om te inkorporeer, of om nie te inkorporeer nie – dit was die vraag waarmee die manne-broers daar aan die voet van die Cole-koppie drie-en-'n-half dae lank geworrel het.

Vanaf Vrydagmiddag 25 September, dwarsdeur die hele Saterdag, die hele Maandag en tot vroeg-middag op Dinsdag die 29ste is daar baie gepraat, indringend vrae gevra – ook oor die statute waaronder subsidie verleen is en wat aan die sinode voorgelees is. In hoofsaak het dit gegaan oor die meerderheids- en minderheidsvoorstelle wat van kuratorekant aan die sinodegangers voorgehou is.

Die meerderheidsvoorstel is ten gunste van inkorporasie omdat "ons Kollege-afdeling as vrye stigting van Hoër Onderwys in 'n onmoontlike posisie gekom [is]" en omdat die finansiële laste die draagkrag van die kerk te bowe gaan. In hul aanbeveling tot inkorporasie, wat net so deur die sinode oorgeneem is, het die kuratore die sinode verbind tot finansiële ondersteuning van die Kollege op voorwaarde dat op elke sinode oor die gees en rigting van die kollege gerapporteer word en dat kuratore as kerklike afgevaardigdes in die Kollegeraad dien. Ook moes 'n kommissie benoem word om die stryd teen die gewetensklousule voort te sit.¹¹⁹

Die minderheidsvoorstel van kurator ds Dirk Postma, predikant van Burgersdorp, het beredeneer dat inkorporasie onder die omstandighede "n ondermyning van ons Gereformeerde Belydenis" sou wees en beveel aan "met Gods hulp ons selfstandigheid te bewaar deur ons Kollege te handhaaf as 'n Voorbereidende Departement vir die opleiding van ons predikante, en ons studente vir sulke grade op te lei as deur ons kan behartig word". Die aksie om die gewetensklousule verwyder te kry, moes voortgesit word "sodat ons dan met behoud van ons beginsels ons Kollege kan inkorporeer".¹²⁰

In die minderheidsvoorstel, wat deur 'n beskrywingspunt van Postma se gemeente oorgeneem is,¹²¹ is kennelik 'n element van afskaling ten opsigte van nie-teologiese opleiding ingebou. Opvallend is ook dat tegelykertyd deur ds HPJ Pasch en sy Pietersburg se gemeente uitsluitsel gevra is of onderwys die taak van die kerk of die ouers was, en dat Pasch reguit gesê het dat die literariese afdeling deur die ouers oorgeneem moet word, "dan is dié skool van onse hande af".¹²²

Nadat al die verslae en rapporte ter tafel geneem en verskeie aspekte daarvan onder die loep geneem is, is die aandag spesifiek gevvestig op die meerderheids- en minderheidsrapporte van die kuratore. Ds Dirk Postma veral moes verskeie vrae oor sy minderheidsrapport beantwoord. Maar hy het volgehou: nie wetenskaplike opleiding nie, maar die opleiding van predikante is hoofsaak; dis goed en wel om te verwys na 'n simpatieke Raad – maar wat gemaak "als ons geen simpatieke minister meer het"?

Ook die adviserende lede, professore F Postma, JD du Toit en APC Duvenage en ds M Postma, is deur die sinodegangers aangehoor. Geen besonderhede hieroor is in die notule van die sinode opgeteken nie,¹²³ maar die kerkmondstuk vertel wel hoe hulle sake gesien het.¹²⁴


Prof Duvenage: "Ons dra die skool op ons hart en wil vry bly. Inkorporeer ons nie, word die weg afgesny om verder te stry, want die skool loop dan leeg ... Die burgemeester, wat nou op die raad sit, het gevra: 'waarvoor is julle bang? Ons sal julle help die skool groot maak. Ook die regerings nominee sal ons simpatiek wees."

Prof Postma wil nie as professor praat nie, maar as lidmaat van die kerk. Die gemeentes het groot opgeoffer en deur nou die leerkursus te beperk "word die studente weggeja en die skool leeggemaak." Die huidige studente het net gebly omdat hulle hoop op 'n verandering, en hy wys daarop dat die aksie vir Christelike nasionale onderwys nie verminder het toe die CNO-skole aan die regering oorgedra is nie.



1.8.12

Die kwessie van inkorporasie het in 1920 verdeeldheid onder die Postmas teweeggebring. Pa Marthinus en seun Dirk, albei op hul dag literariese professore, het besware daarteen ingebring terwyl seun/broer Ferdinand ten gunste van inkorporasie was.



Pa Marthinus:
“Aanvaar ons die klousule, word ons inherent swak.”



Seun Dirk: “... maar als ons geen simpatieke minister meer het?”



Seun Ferdinand: Al het CNO-skole by die regering ingeskakel, “het onse aksie nie verminder nie”.

Vir prof JD du Toit was dit 'n nooddrang: “As my huis aan die brand is, en ek kan nie deur die deur nie, dan gaan ek deur die venster ... Wat ons doen, doen ons dus om die skool te red onder drang van omstandighede, waar ons onskuldig aan is ... Word die skool gesluit, waar moet ons dan met ons seuns heen? Dan hou die stryd op en ons gee ons beginsels prys. Dit mag in geen geval nie”. Daar sal syne insiens genoeg geleentheid wees om die Christelike karakter te handhaaf.

Laastens neem ds Marthinus Postma die woord en is dit duidelik dat hy nie die swartgallige sieninge oor die voortbestaan van die skool volgens die heersende bedeling deel nie. Hy spreek “ten seerste” waardering uit vir die werk van die professore (waaronder natuurlik

sy seun Ferdi) maar kan hom nie met inkorporasie vereenselwig nie: “Die hele saak was te veel gesien van die kant van die student en die finansiële moeilikhede van die skool. So lank die gewetensklousule daar is, kan ons nie inkorporeer. Aanvaar ons die klousule, word ons inherent swak. Spreker is in sy binneste nie oortuig dat al die studente sal weg gaan”.

Die hele Maandag en Dinsdagvoormiddag staan spreker na spreker op en word hoofsaaklik vir, maar hier en daar ook teen inkorporasie stelling ingeneem. Die pro's hamer veral op die feit dat sluiting van die skool die enigste alternatief vir inkorporasie is, en dat daarmee die geleentheid verpas sal word om verder vir die beginsel testry, dat die werk van die vadere afgebreek sal word. Ds ASE Yssel het awyseend krities verwys na die beginsel of taktiek wat bekend staan as “in isolement lê ons krag” en ds JP van der Walt was oortuig: “Ons moet onse geref. beginsels nie vashou en begrawe, maar met vertrouwe op God en met manmemoed inkorporeer en strijdend uitgaan.” Of, soos ds Yssel dit gestel het: “Ons moet uitspring, organiseer om te staan teen die nuwe rigtinge in ons land.” En ds Willem Postma: “Ons moet ons nie afsonder nie, maar inspring in die lewe.”

Oudprofessor JA du Plessis glo dat daar, met “genoeg manne van onse rigting in die raad”, geen gevaar bestaan nie. Boonop het die Skool sy tradisie wat deeglik deur die regering in aanmerking geneem word. As dinge nie na wense gaan nie, kan altyd teruggetrek word omdat die geïnkorporeerde inrigting nie sonder die steun van die kerk kan bestaan nie. Die kuratore se aanbeveling dat die stryd teen die gewetensklousule voortgesit moet word, het vir ouderling Roets vrymoedigheid tot inkorporasie gegee: “Ik vertrou onse professore en Kuratore en hulle sal onse beginsels handhaaf.”

As daar nie geïnkorporeer word nie, voel ds FPJ Snyman, “moet al onse jongelinge naar Staatsuniversiteite gaan. Daar word die jongelinge van onse beginsel afgeruk”. Ouderling J Venter het enerse sentemente: “Hoe sterker die Lit. afdeling, hoe beter onse kans om die Calvinisme in te dra onder die volk.”

Teenstanders van inkorporasie het gevoel dat die kommissie insake die gewetensklousule nie hulle kant bring het nie; selfs bang geword het. Die voorsiene groei deur inkorporasie was vir ds H Pasch in stryd met die Bybel en die Gereformeerde belydenis; daar mag nie om stoflike redes geïnkorporeer word nie: “Die Staat is neutraal en waarborg onse rigting nie. Eers moet die Staat bestry word oor die verkeerdheid. Hoe kan ons onder die vlag ingaan, en dan daarteen testry [sic!] Deur inkorporasie word ons dienaars van die staat.” Ouderling S Venter van Vryburg sluit hierby aan: “Dis altyd gevaelik om staatsgeld te ontvang.”



1.8.13

Ds ASE Yssel

*Ds ASE Yssel ...
afwyzend teenoor die
(Groen van Prinsterer)
slagspreuk, "In
isolement lê ons krag"*

*Ds CWM du Toit ...
"vrees dat ons stadig
maar seker oorrompel
word".*

*Ouderling Paul Schutte:
"Als ons eenmaal in die
hande val van die staat,
kom ons daar nooit weer
uit."*

*Ds PW Bingle: "Als ons
inkorporeer sit ons die
stryd voort."*

Ds CWM du Toit was oortuig dat daar nie sonder waarborg ingeskakel kan word nie, dat "ons standpunt" by inkorporasie helder en duidelik uiteengesit moes word. "Spreker vrees dat ons stadig maar seker oorrompel word ... Die wetenskap neem meer en meer 'n verkeerde rigting aan en sal hy ons met rus laat? Hier word beweer dat ons nie oorgee nie, maar alleen swenk om ons te red. Maar sonder stipulasie van ons beginsel, is dit oorgawe."

Ouderling P Schutte van Potchefstroom "is byna bewoë [beweeg] om te stem vir inkorporasie, maar hy is nog nie helemaal oortuig nie. Als ons eenmaal in die hande val van die staat, kom ons daar nooit weer uit. Die gewetensklousule lê ons aan bande, en is vir ons 'n skande. Ons sal dit nooit verander kry nie."

Ds Dirk Postma het sy minderheidsrapport verdedig deur teen oorhaastigheid te maan: "'n Boodskap aan die onderwys-wereld in S.A. het ons. Als ons inkorporeer moet ons swyg. Studente kan ons werf deur hulle te oortuig van hulle plig. Gesê is: die Raad waarborg onse rigting, maar die gees van onse tyd is al meer los van die Kerk en dit maak spr. ongerus."

Na hierdie "breedvoerige diskussie" is die volgende voorstel van ds JV Coetzee/ouderling J Lugtenburg met 77 stemme teen 18 aanvaar: "Die Sinode bly staan by die beginsel, altyd deur die Geref. Kerk gehandhaaf, dat die onderwys in Lettere en Wetenskap en alle ander onderwys aan die ouers behoor. Maarlettende op die verslag van die Kuratore dat die Wet op Hoger

Onderwys dit op die oomblik onmoontlik maak om die beginsel in die Wet beliggaam te kry, besluit die Sinode aan die voorstel vervat in die Meerderheids Rapport van die Kuratore te voldoen, met opdrag aan die Kuratore om met en na inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika alle mogelike stappe te neem dat die tradisionele beginsels en karakter van die Skool gehandhaaf word, indien mogelijk met behoud van die teenwoordige naam Potchefstroom Universiteit vir Kristelik Hoger Onderwys."¹²⁵

Die teenvoorstel van ds CWM du Toit, wat deur die aanvaarding van die Coetzee-voorstel verval het, het wel ook gevra vir inlywing maar met behoud van die tans bestaan die amptelike benaming en die handhawing van die Calvinistiese beginsels as grondslag van die inrigting. As toekomsideal het die Du Toit-voorstel gestel "die uitgroeïng van onse Kollege tot 'n Vrye Universiteit met Staatsubsidie". Ds HPJ Pasch het versoek dat sy minderheidstem aangeteken word.¹²⁶

JS du Plessis se bevinding, in sy uitgebreide studie *In U Lig*, dat daar "blybaar ... groot eensgesindheid aangaande inkorporasie self" onder die sinodegangers was (p 26), en wat hy skynbaar staaf deur na die enkele aangetekende teenstem van ds Pasch te verwys, asook sy hieropvolgende opmerking, dat dit uit die notule (Handelinge Sinode) glad nie duidelik [is] of daar enige persone was wat teen inkorporasie gekant was nie", is foutief en toe te skryf aan die feit dat hy nie *Het Kerkblad* van 1 en 15 Oktober 1920 onder oog gehad het nie.

Vroeëre krappereghede oor kerklike finansiering vir die breëre wetenskaplike opleiding het weer tydens die sinode so effens kop uitgesteek en staan ten nouste in verband met die onderskeie standpunte oor inkorporasie. Ds Dirk Postma se Burgersdorp-gemeente was van mening dat gemeentes die ekstra £1200 per jaar vrygeskeld kan word vanweë die staatssubsidie wat die PUK ontvang. Die saak is vir aandag na die kuratore verwys.¹²⁷

By ds HPJ Pasch en sy Pietersburg-afvaardiging was daar beswaardheid, en onvergenoegdheid met die stand van sake, soos blyk uit enkele besprekingspunte wat vanuit hierdie oord ter tafel geneem is. So byvoorbeeld spreek die volgende punt, wat vanweë die genome besluit insake inkorporasie verval het, vir sigself: "De Sinode bepale, indien het Litt. departement der School geinkorporeerd wordt – dat God verhoede – dat de Kerk blijft volharden by the [sic!] thans vastgestelde bijdragen, maar ondersteune alleen de Theol.-afdeling opdat het met overige finantiale steun gegeven worde aan arme en verwyderde Gemeentes."¹²⁸ Pas hierna vra hulle dat die sinode die presiese bevoegdheid van die kuratore ten opsigte van die Literariese departement van die Teologiese Skool sal omskryf,

**1.8.14**

Ds JV Coetzee. Sy voorstel is aanvaar.

maar dit word afgestem. Direk hierna versoek hulle dat die wyse van verkiezing en die dienstermyne van kuratore gewysig word, maar weer word koue water oor die warm hoofde gegooi met 'n teenvoorstel dat die status quo behou word.¹²⁹

Van kardinale belang, vir sover dit die handhawing van die besondere karakter van die universiteitskollege betrek, was die sinode se opdrag aan die kuratore "om **met** en na inkorporasie ... alle mogelike stappe te neem dat die tradisionele beginsels en karakter van die Skool gehandhaaf word, indien mogelijk met behoud van die teenwoordige naam Potchefstroom Universiteit Kollege vir Kristelik Hoger Onderwys". Aan die einde van die sinode is weer formele opdrag aan die kuratore gegee "om die Potchefstroom Universiteits Kollege **vir Kristelik Hoger Onderwys** te inkorporeer in die Universiteit van Suid-Afrika" en is volmag verleen ter verrigting van al die nodige handelinge wat daarmee gepaard mog gaan [beklemtonings deur skrywer hiervan].

In die hele debat vooraf en ook tydens die sinode het dit heeltyd gehandel oor die bedreiging van die Christelike karakter deur die gewetensklousule, wat outomaties by inkorporasie op die PUK van toepassing gemaak sou word, en het die behoud al dan nie van die "KHO" as agtervoegsel by die naam, behalwe by CWM du Toit se voorstel, nooit juis ter sprake gekom nie.

Die kuratore se kommissie vir aksie oor die gewetensklousule, bestaande uit di W Postma, WJ de Klerk en D Postma en proff F Postma, JD du Toit en APC Duvenage, is ook deur die sinode goedgekeur terwyl die altyd bedagsame ds Willem Postma se voorstel aanvaar is dat minister FS Malan per brief bedank moet word vir die toekenning van subsidie.¹³⁰ Opmerklik in die samestelling van die kommissie is dat ds Dirk Postma as lid behou is, ten spyte van sy teenkanting teen inkorporasie, soos geopenbaar in sy minderheidsrapport en sy standpunte tydens die sinode.

1.8.7 Inkorporasie ... met "verminkte vaandel"


Die stryd tussen die strakte beginselhandhawing, om nie aan die gewetensklousule onderworpe te wees nie, of toegee aan eise van die praktiese werklikheid en tydelike prysgawe van die beginsel, minstens in teorie, was hiermee afgeloop – met laasgenoemde vooras nog die wenner. Daar kon geïnkorporeer word, maar daar moes verlief geneem word met die feit dat die ongewilde "gewetensklousule" deel van die bagasie op die pad van inkorporasie sou wees.

Met die voorbereiding van die privaat wetsontwerp, waarby veral proff. JD du Toit en F Postma ten nouste betrokke sou wees, is daar, volgens Du Toit, "groot moeite" ondervind: "Wat kon ons as **afdoende** aanvoer dat ons reg het om in universitaire verband opgeneem te word?"¹³¹

Hoe ook al, die konsepwetsontwerp is saamgestel en simpatieke parlementslede in die persone van JA Venter, LV vir Wodehouse, en senator PJ van der Walt van Koster sou vir die formele loodsing daarvan in die parlement sorg.¹³² Op 31 Maart 1921 is die wetsontwerp in die Volksraad ingedien en op 29 Maart is dit na 'n gekose komitee onder voorsitterskap van adv FW Beyers verwys. Die ander lede van die kommissie was mnre NC Havenga, BlJ van Heerden, CA Sephton, A Werth, L Geldenhuis en WH Stuart. Parlementêre agent Jan S de Villiers en advokaat HA Fagan sou namens die PUK getuenis voor die komitee lei.¹³³

**1.8.15**

Senator PJ van der Walt... die bevorderaar van die wet in die Senaat.

**1.8.16**

Mnr JA Venter, LV ... het die wet deur die Laerhuis (Volksraad) geloods.



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

Totius onthou verder: "Alles was mooi in orde. Die ed. heer Jan Venter ... sou die wetsontwerp deur die Laerhuis loods. Skielik kom daar egter telegrafiese berig uit Kaapstad dat die hulp van 'n deputasie uit Potchefstroom nodig was." Tot nadeel van die geskiedskrywing het Totius dit nie nodig geag om die aard van die probleme te beskryf nie en vervolg hy dan: "Dadelik het prof Postma en ek afgesit Kaap-toe, waar ons teenwoordigheid dan ook 'n dringende vereiste was. Die goeie saak het weer sy loop gekry. Daar was nogmaals hoop op sukses."

Maklik was dit egter nie: "Professore en ander invloedryke lede van die Geref. Kerk moes dadelik na die Kaap afgevaardig word om persoonlike kontak met al die parlementslede te verkry. Die lede is onder ons, die besoekers, verdeel. En dadelik het die 'huisbesoek' begin. Ons Inrigting was so onbekend! Maar persoonlike kontak en voorligting het baie gehelp. En in al die parlementêre kringe was daar tegemoetkoming."¹³⁴

Naas Postma en Du Toit, het die PUK-kontingent wat die knoop in die Kaap moes gaan deurhak, bestaan uit registrator WJ de Klerk, di D Postma en JA van Rooy, raadslid JP Nel en prof APC Duvenage. Die insluiting van ds Dirk Postma, wat die minderheidsrapport ingedien het, in die afvaardiging duï aan dat daar tog waarde geheg is aan sy sieninge en standpunte: sieninge en standpunte waarmee die meeste broeders seker maar diep in hulle binneste eens was maar wat om praktiese oorwegings hier en nou opsy geskuif moes word. Tussen hulle het hierdie gedugte kontingent aan die Gekose Komitee 'n omvattende, breë beeld gegee van die ontstaan en ontwikkeling, die probleme en die potensiaal van die Kollege. In die ondervragings moes gereageer word op argumente en standpunte soos dat daar te veel universiteite in die land was, dat nog 'n universiteit in Transvaal naas dié te Pretoria en Johannesburg oorbodig was, dat daar nie voldoende finansies was om nog 'n universiteit daar te stel nie.¹³⁵

Prokureur en raadslid JP Nel, wat terselfdertyd ook die Raad seregsverteenvoerdiger was, het kragtige getuienis gelewer oor die noodaakklikheid van 'n universiteit in Potchefstroom as onderwyssentrum, met die Normaal Kollege en meer as 11 000 skoliere in Wes-Transvaal om te bedien. Hy het ook handig gebruik gemaak van twee pertinente uilatings van "zoo een eminente autoriteit" soos genl JC Smuts oor Potchefstroom as die mees gesikte sentrum vir onderwys in Transvaal. Nel berig ook dat die direkteur van Onderwys, dr Adamson, en administrateur Robertson albei sterk daarop aandring dat PUK ingelyf word, veral in belang van die Normaal Kollege. Potchefstroom is 'n gesonde stad, geleenthede vir studeer is uitstekend en die omgewing is gunstiger as in Pretoria, Johannesburg of Bloemfontein "want



1.8.17

Raadslid JP Nel ... lever kragtige getuienis in Gekose Komitee, voorsien 'een bloeiende inrichting'.



1.8.18

Dr JE Adamson, direkteur van Onderwys ... Volgens Nel het hy PUK se inlywing sterk gesteun. Maar kort hierna sing hy saam in die koor van beswaardes in die geledere van die Universiteit van Suid-Afrika, teen PUK se opname in die federale sisteem.

daar is geen drukte of gewoel". Dis geen industriële sentrum nie, maar 'n stil sentrum van onderwys wat die steun van alle openbare liggeme geniet. Indien dit ingelyf word, staan dit 'n groot kans om "een bloeiende inrichting" te word.¹³⁶

Nel, as voormalige burgemeester, sowel as prof Duvenage, dienende eerste burger, het gewys op die goedgesindheid van die plaaslike stadsraad, met sy beloofde ruim grondskening. As dosent wat waarskynlik van meet af aan die meeste ervaring van gebreklike fasilitate in sy onderrigfunksie ervaar het, het Duvenage met gesag en oortuiging vertel van die praktiese probleme met inskakeling by TUK. Net soos Nel, bevestig Duvenage openbare steun vir die PUK: "Ik ben lid van bijna alle belangrike lichamen te Potchefstroom, zoals de hospitaalraad, de biblioteekkommissie, van de kommissie van beheer over de hoger scholen. Ik ben in de gelegenheid om alle klachten en aanmerkingen van het publiek van Potchefstroom te horen en ik kan de verzekering geven dat het publiek van Potchefstroom, zowel Engels- als Hollandssprekenden ons kollege steunt."¹³⁷

Maar voordat hy hierdie verzekering omtrent die Potchefstroomse publiek se houding kon gee, moes Duvenage eers kwaai vure doodslaan by die plaaslike Kamer van Koophandel. Hierdie belanggroep het gevoel dat die Teologiese Skool in die verlede te polities georiënteerd was en het hul probleme vroeg in Maart tydens 'n spesiale vergadering met prof Duvenage opgehaal. Duvenage het hulle die verzekering gegee dat twee jaar gelede reeds deur die personeel besluit is "that there should be no active participation in party



politics". 'n Resolusie te dien effekte is dan ook tydens die byeenkoms aanvaar.

Duvenage het by die geleentheid ook daarop gewys dat die uitbly van subsidie tot gevolg sou hê dat ook die Teologiese Skool, Gimnasium en die Voorbereidende Skool nie sou kon voortbestaan nie, wat 'n sigbare effek op die dorp self sou kon hê.¹³⁸

Di JA van Rooy en D Postma het veral die rol en aandeel van die Gereformeerde Kerk in die ontwikkeling van die PUK uitgespel, terwyl ds De Klerk as registerateur toepaslike data met betrekking tot finansiële bestuur en die gronde en terreine verskaf het. Onder andere is syfers voorgelê om te toon dat die Kerk reeds meer as £54 000 sedert die totstandkoming van die Literariese Departement in 1877 daaraan bestee het.

Prof JD du Toit het in 'n deeglik uitgewerkte voorlegging groot klem gelê op die partikuliere initiatief wat ten grondslag lê van die eiesoortige ontwikkeling van bestaande inrigtinge van hoër onderwys. Die erkenning van inrigtings soos dié te Kaapstad, Stellenbosch, Wellington, Pretoria en Johannesburg word deur hul historiese wording geregverdig, en só ook die van die PUK: "Bij de oprichting van het kollege hebben wij niet gevraagd naar het aantal reeds bestaande instellingen maar naar partikulier initiatief ... Waar in Zuid Afrika de Wet zegt dat kolleges geen staat instellingen zijn maar instellingen ontstaan uit het partikulier initiatief daar behoort niet de vraag gesteld te worden hoe groot of hoe klein een kollege is maar hoe het ontstaan is en of het levensvatbaarheid toont. Het beste bewijs voor ons bestaansrecht is ons bestaan."

Du Toit het ook daarop gewys dat die bestaansreg van die inrigting nie van sy lokale gesteldheid afhang nie en ook nie van 'n haastige uitspraak van nie meer kolleges te wil hê nie; nee, dit word bepaal deur "de partikultiere belangstelling welke gedurende 52 jaren in klimmende mate deze inrichting gedragen en tot bloei gebracht heeft". Aan die einde van sy voordrag wys hy ook daarop dat daar geen beswaar kan wees teen die kerklike oorsprong nie aangesien baie inrigtings in Suid-Afrika en ook in Amerika op dieselfde wyse ontstaan het.¹³⁹

Rektor Ferdinand Postma het op sy beurt klem gelê op aspekte van die ontwikkeling van die universiteitswese en die bestaande wetgewing en dit benadruk dat die historiese ontwikkeling van kolleges gehandhaaf en hul vryhede gewaarborg word. Hy het ook die aanloop van die PUK-inisiatief geskets en gewys op die levensvatbaarheid van sy inrigting, in vergelyking met bestaande ingelyfde kolleges. Soos Duvenage, het hy ook klem gelê op bepaalde praktiese belemmeringe, wat studente ontmoedig om na die PUK te kom.¹⁴⁰

Dit is opvallend dat, op 'n enkele uitsondering na, die agtervoegsel "KHO/CHO" – wat op daardie stadium steeds deel was van die amptelike benaming van die kollege – dwarsdeur al die ondervragings en besprekings in die Gekose Komitee glad nie deur enige van die bevorderaars van die wetsontwerp gebruik is wanneer na die kollege verwys is nie.

Inmiddels het daar vanuit ietwat onverwagte oorde teenstand gekom teen die inkorporasieplanne. Boucher¹⁴¹ meld dat daar in universiteitskringe 'n mate van aarseling was "oor die opname van 'n klein en moontlik swak nuwe lid". Die beswaardheid was skynbaar hoofsaaklik Pretoria-gesentreerd.

Tydens sy ondervraging in die Gekose Komitee, op 5 April, het ds Dirk Postma gemeld dat hy die vorige dag 'n telegram onder oë gehad het waarin teenkanting teen die PUK se inlywing deur die Universiteit van Pretoria uitgespreek is. Hy kon dit nie kleinkry nie: hoeveel kere het die Pretoriase professore nie navraag gedoen of, en wanneer, om inkorporasie gevra sou word nie? Hulle meen seker dat hulle daardeur studente sou verloor, wat tog nie die geval behoort te wees nie. Hy weet ook nie of die teenkanting van die kant van die inwoners of van die stadsraad was nie en gee toe dat dit maar net 'n kwessie van "gewone menslike opposisie" was. Maar daar is dalk tog 'n moontlike motief, meen Postma: "In 1904 heeft Pretoria ook getracht om de overplaatsing



1.8.19

Adv FW Beyers, voorsitter van die Gekose Komitee wat die PUK se aansoek om inkorporasie moes ondersoek.



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"


van onze school van Burghersdorp naar Potchefstroom te verhinderen. Misschien voelt men dit nog.”¹⁴²

Van wie, en wat die inhoud van die telegram was, kon nie vasgestel word nie. Maar dat die TUK wel deeglik beswaard was, blyk uit dokumentasie in die argief van die departement van Onderwys, wat ter insae verkry is. Op 12 Maart 1921 het die Raad van hierdie inrigting naamlik 'n memorandum van vier bladsye met besware aan die pas aangewese minister van Finansies, HC Burton, deurgegee en versoek om geleentheid te kry om getuenis voor toepaslike kommissies af te lê. Die inkorporering van die klein denominasionele kollege te Potchefstroom by die Universiteit van Suid-Afrika, word betoog, "is at once unnecessary and undesirable". Onnodig, omdat daar nie verdere behoeftes aan universiteite in Suid-Afrika is nie en omdat Transvaal reeds twee het, wat in behoeftes vervul. En wat kan Potchefstroom buitendien bydra, word gevra, siende dat sy studentetal van 39 in 1918 tot 25 in 1920 verminder het? Potchefstroom se toelating, so lui die protestbrief verder, sal ook 'n onnodige verspilling van staatsgeld wees, veral vir sover dit die voorsiening van personeel en fasiliteite betref.¹⁴³

Van TUK se kant is ook met premier Smuts geskakel en hy is ingelig oor hulle standpunt. Smuts het die saak deurgegee na die sekretariaat van Onderwys, vir verdere hantering daarvan.¹⁴⁴

Of die reedsgenoemde telegram verband hou met gebeure binne die opset van die Universiteit van Suid-Afrika, is moeilik om te bepaal. Reeds op 1 April 1921, terwyl die ratte flink gerol het om die PUK se toelating tot die federale universiteitgesin te verwerklik, het prof AC Paterson, rektor van die TUK, in 'n vergadering van die uitvoerende komitee van die Raad van die Universiteit, die vraag gestel "as to whether the University would favour the inclusion of Potchefstroom College as a Constituent College of the Federal System". Die saak is na die Raad verwys.¹⁴⁵

Tydens die sitting die volgende dag het prof Paterson die saak in die Raad geopper en 'n uitvoerige motivering gegee vir sy teenstand teen die opname van PUK in



1.8.20

Prof AC Paterson, TUK-rektor, was baie beswaard oor PUK se toetreding tot die federale opset.

die federale opset. Gesteun deur dr JE Adamson, het hy 'n sterkbewoerde mosie aanvaar gekry: "That in the opinion of this Council the recognition of the Potchefstroom College as an institution qualified to be proclaimed as a Constituent College of the University of South Africa would be detrimental to the interests of higher education in South Africa generally and to the interests of this University in particular; and that the Chairman of the Senate be sent as a delegate to give evidence before the Select Committee if opportunity is granted."¹⁴⁶

Hierna het prof AS Kidd kennis gegee van 'n mosie dat die regering gevra sou word "om aan die Universiteit van Suid-Afrika geleentheid te gee om sy goedkeuring of afkeuring uit te druk oor die toelating van enige Konstituerende Kollege alvorens die Regering tot so 'n toelating besluit".¹⁴⁷

Die ontevredenheid is in die pers gerapporteer en die verwagting was dat die Raad van die universiteit "in gemeenskaplike bitterheid" geleentheid sou kry om voor die Gekose Komitee te getuig.¹⁴⁸

Hoe presies die saak verder hanteer is, is nie duidelik nie. Op 6 April, tydens die laaste sitting van die Gekose Komitee, is egter bekend gemaak dat individuele lede van die komitee telegramme van beswaar van die Raad van die federale universiteit ontvang het en wel omdat hierdie inrigting nie in die saak geken is nie. Omdat dit nie, volgens regulasies, amptelik voor die komitee gelê is nie, is dit buite orde gereël en is die wetsontwerp as onbestreden behandel.¹⁴⁹

Heel teen die einde van die komitee se verrigtinge het die kwessie van inlywing by Grey Universiteitskollege ook ter sprake gekom, toe prof Du Toit heel terloops daarna verwys het maar dit as nie van belang vir die saak van hoër onderwys in die noorde van die land beskou het nie. Bewerings dat GUK oor groter lewensvatbaarheid as PUK beskik, is deur Du Toit betwis deur daarop te wys dat eersgenoemde deurentyd op staatsteun aanspraak kon maak en PUK nie, behalwe vir die vorige twee jare.¹⁵⁰


Die groot voorstander van hierdie amalgamasie, ds Willem Postma, wat deur die sinode benoem is as lid van die kommissie wat met die gewetensklousule en inkorporasie moes handel, is intussen oorlede. Na Du Toit se aanvanklike opmerking het ds De Klerk daarop uitgebrei: "In onze kring van kuratoren was er een die een grote voorstander was van vereniging met het Grey U.K. maar anderen hebben hem daarop geantwoord door hem die vraag te stellen of het Grey U.K. niet bereid was met ons te amalgameren, want wij zijn toch verreweg de oudste inrichting."¹⁵¹

So asof om hierdie boek final toe te maak, voeg



rektor Postma ook 'nwoordjie toe: "Ja, ik weet dat ds W Postma, tans overleden, sterk ten gunste was van de vereniging van het Grey U.K. van de Vrijstaat met de P.U.K. van Potchefstroom, hij heeft er steeds sterk voor geijverd!"¹⁵²

'n letwat vreemde verskynsel het hom aan die einde van die verrigtinge van die Gekose Komitee voorgedoen. Op 7 April, nadat sy sitting formeel afgeloop was, het die komitee in 'n spesiale verslag aan die Volksraad sekere wysigings, onder meer aan die titel en konsiderans van die wetsontwerp, aangebring. Laasgenoemde wysiging het só gelui: "De woorden 'Het Potchefstroom Universiteitskollege' te schrappen, en te vervangen door 'Het Potchefstroom Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwijs' onder die naam 'Het Potchefstroom Universiteitskollege'" Hierdie wysiging was inlyn met die petisie wat deur di WJ de Klerk en D Postma aan die Volksraad voorgelê het en dui enersyds op die feit dat die CHO-gedeelte van die naam wel bewustelik laat daar is, maar kan ook dui op 'n beklemtoning van die karakter van die inrigting, al is dit nie meer deel van die amptelike benaming nie.



1.8.21

Willem Postma

Ds Willem Postma het 'n groot rol gespeel in die bepaling van die bestemming van die PUK teen die twintigerjare. By sy dood het prof JD du Toit (Totius) hom as 'n "helderverskynning" en nie maar net 'n merkwaardige figuur nie beskrywe: "Hy het beswyk terwyl hy nog wou werk en ideale in sy siel geskitter het – maar dan beswyk met sy bors teen die stroom en met moed in sy siel. As sodanig sal sy persoonlikheid almal wat hom geken het, bly imponeer. Só leef, só sterf 'n man." Dr JD Kestell het onder meer gewys op Postma se ywer vir Christelik-nasionale onderwys en hom bestempel as "een zeldzaam verschijnsel in onze tijd van wikkens en wegen", 'n gawe van God aan die Gereformeerde Kerk maar ook aan Suid-Afrika. (Het Kerkblad, 15.2.1921 p 4)

Die wetsontwerp is hierna deur al sy fases in die Parlement gevoer. In sy herinneringe vertel Totius van die "gedugte toespraak" wat mnr JA Venter as promotor moes hou, 'n toespraak vol feite, onder meer oor die ontstaan van universiteite, en wat instudering gekos het: "Een middag het ek hom dan ook op sy bed aangetref met 'n uitgeskrewe stuk in sy hand. Hy het hom pragtig van sy taak gekwyt."¹⁵³

In sy promosietoespraak het volksraadslid JA Venter gewys op die noodaakklikheid van desentralisasie in hoër onderwys. Hy het in hierdie verband ondersteunende uitsprake van proff HES Freemantle en JH Hofmeyr aangehaal en gevra: "Hoe kan die Universiteitsraad in Pretoria dan nou sê dat inlijwing van die P.U.K. nie in belang is van hoër onderwys?"¹⁵⁴

In sy toespraak, waarin kennelik die stewige feitehand en argumenteringslyne van 'n Ferdinand Postma gelees kan word, het Venter onder meer sterk klem gelê op die rol en plek van partikuliere ondernemingsgees as basis vir inrigtings van hoër onderwys, op die wetlike bepaling dat sulke inrigtings nie staatsinstellinge nie maar staatsondersteunde instellings is. Hy skets ook die pad waarlangs die PUK gekom het: "altijd meer professore werd aangestel ... vier van die Professoren het ook Europese vorming gehad ... Altijd meer vakken werd geneem ... Altijd meer studenten het aangekom tot dit nou 52 is ... Altijd meer geld werd opgebreng ..."

Die belangstelling het dus nooit afgeneem nie. Soos dit maar altoos gaan, het ook hierdie inrigting te swaar geword vir partikuliere versorging en het die staat in 1919 hulp verleen, met die uitdruklike voorwaarde om te kan inkorporeer – die "koninklike weg", volgens destydse minister Malan.

Venter het die Raad van die TUK skerp gekritiseer oor hul uitspraak dat toelating van die PUK nie in belang van hoër onderwys is nie en daarop gewys dat sentralisasie van onderwys in die Napoleontiese tyd onderwys laat agteruitgaan het. Verder het hy gewag gemaak van prof JH Hofmeyr se getuenis oor die hoe gehalte van onderwys voor die Gekose Komitee en ook verwys na die goeie getuenis van die visekanselier van die Universiteit van Suid-Afrika, prof WJ Viljoen, wat op sy beurt "seer loflik gespreek het van die P.U.K. en die professore". Die meeste professore, sê hy, "se naam het dan ook 'n goede klank in Suid-Afrika en hulle is mees manne van Europese vorming". Dan lê hy twee tabelle voor ter stawing van sy argumente, een oor geprojekteerde uitgawes per student en die ander 'n opgawe van dosente en studente, vergeleke met ander universiteite/kolleges, en sluit af: "Dit alles wijs dat die P.U.K. moet voortbestaan."¹⁵⁵



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"



1.8.22

Prof WJ Viljoen, vise-kanselier van die Universtiteit van Suid-Afrika, het "seer loflik gespreek van die P.U.K. en die professore".

Die Burger, wat die verwikkelinge rondom die PUK wetsontwerp met belangstelling gevolg het, was beïndruk met Venter se "flink" toespraak en veral die feit dat hy aangetoon het dat die besware teen die oorheersende invloed van die kerk besweer is. Die blad betreur dit dat 'n beperking op geldelike ondersteuning gelê is. Goeie verslae is ontvang oor die gees en toewyding van die inrigting se personeel: "En die gees is magtiger as die geld. Ons wens die staf en studente van harte geluk met hul verhoogde status en ons hoop dat hul grootse ideaal – die stigting van 'n selfstandige Universiteit in die Noorde wat eg Afrikaans is in gees en rigting – binne weinige jare sal verwesenlik word."¹⁵⁶

Maar moenie 'n fout maak nie, sê die blad, "dit (het) maar opdraend gegaan met hierdie wetjie" en dit was nodig dat byna al die professore die saak in Kaapstad moes kom bepleit. Daar word verwys na die Potchefstroomse Kamer van Koophandel se bemoeienis met die saak en artikels "in allerlei koerante en koerantjies ... om te betoog hoe daardie Kollege 'n rebelle-nes was". Deskundiges het egter getuig "hoe uitstekende resultate met die onderwys daar bereik is en wat 'n eervolle plek die Kollege in die Suid-Afrikaanse Hoëre Onderwys inneem". Die beskuldiging "dat daar politiek gedoseer word op Potchefstroom" is, volgens die blad, ook voldoende weerlê. Weer is daar gelukwense "met die uiteindelike bereiking van die doel waarin hulle so sterk gestreef het en waarvoor hulle so hard baklei het".¹⁵⁷

Hierdie goeie getuigskrifte vir die PUK is insiggewend, in die lig van die feit dat, hoewel hy waarskynlik nie self die betrokke berigte geskryf het nie, dr DF Malan op hierdie tydstip redakteur van *De Burger* was. Enkele jare later sou Malan in sy hoedanigheid as minister van Onderwys baie nouer betrokke wees by die wel en wee van hierdie jong en idealistiese inrigting vir hoër onderwys.

Volgens JS du Plessis is die wetsontwerp na die derde lesing deur al sy fases in die parlement gevoer, waartydens twee belangrike wysings aangebring is. Die byvoegsel "vir Christelike Hoër Onderwys" is geskrap terwyl die subsidieformule wat tevore van toepassing gemaak is, steeds behou is en nie in lyn gebring is met dié wat vir ander kolleges geld nie. Wel is 'n bepaling ingevoeg dat die minister hierdie beperking in die toekoms kon ophef.¹⁵⁸

Die eerste bewering, dat die byvoegsel oor die "van" van die kollege ná die Gekose Komitee stadium geskrap is, is nie korrek nie. By afwesigheid van enige amptelike debatte van die Volksraad, wat steeds nie in hierdie tyd verskyn het nie, gee die Kaapse dagblad *De Burger* die volledigste dekking van hierdie debatsvoering – en word geen spoor van behandeling van hierdie kardinale aangeleentheid in die verdere verloop van die saak aangetref nie.¹⁵⁹ Word indringend na die dokumentasie van die Gekose Komitee gekyk, val dit op dat die behoud van die agtervoegsel inderdaad nooit deel uitgemaak het van die wetsontwerp nie.

Nou waarom dan nie? Dit was dan tog 'n spesifieke opdrag aan die kuratore (en dus aan die persone wat daartoe gemagtig was) om "die Potchefstroom Universiteitskollege vir Kristelik Hoger Onderwys"¹⁶⁰ te inkorporeer, met 'n alternatiewe opdrag om te inkorporeer "indien mogelijk met behoud van de teenwoordige naam Potchefstroom Universiteit Kollege vir Kristelik Hoger Onderwys".¹⁶¹

Lê die antwoord vir hierdie drastiese en verreikende besluit om die PUK se "van" prys te gee, dalk elders? In sy behandeling van hierdie aspek in sy uitgebreide studie oor die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en die Universiteit van Suid-Afrika tot 1946 beskryf Boucher die federale instelling as "non-sectarian, recognizing no specific religious denomination and having no theological faculty" en stel hy dit pertinent: "The stumbling-block to full association with the federal university lay in the official dedication of the college to the principle of Christian Higher Education". Verwysende na die indringende debatsvoering tydens die sinode van 1920 te Colesberg, impliseer Boucher dat sinodegangers besef het dat, vir opname as lid van die Universiteit van Suid-Afrika, "its dedication to a religious ideal would have to be sacrificed" – en dit het dan ook so gebeur: "... the small contingent from



Potchefstroom which joined the federal forces had been forced to scramble though Du Toit's window".¹⁶² (Hy verwys na Du Toit se beeldspraak, reeds bo aangehaal.)

In sy oorsigtelike opvolgstudie oor die Universiteit van Suid-Afrika tot 1973 stel Boucher dit meer pertinent, maar ongelukkig sonder bronverwysing(s), "dat die federale universiteit, uit die aard van sy sekulêre karakter, verplig was om die woorde 'vir Christelike Hoër Onderwys' uit die naam van die nuwe inrigting te laat skrap".¹⁶³ Hierdie uitspraak rym egter nie mooi met die reeds genoemde feit dat vanuit gelede van die federale universiteit ernstig gekla is dat hulle nie in die proses van inkorporasie van die PUK geken is nie.

Die vraag na wat presies gebeur het, na waarom en hoe dit gebeur het dat die PUK sonder "Christelike Hoër Onderwys" by die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer het, sou 'n dekade of wat later weer ter sprake kom.

Hoewel die Universiteit van Suid-Afrika reeds in April deur die besluit van die Gekose Komitee voor 'n voldonge feit geplaas was, vir sover dit die PUK se opname in die breër bestel betref, het die protesstem tog nie daar en dan stil geword nie, is die nuwe kind, soos Boucher dit stel, nie met ope arms verwelkom nie.¹⁶⁴ Van die kant van die Transvalse Universiteitskollege (TUK) is daar steeds, en nie net binnesmonds nie, gegrom oor die loop van sake deurdat die Senaat middel Mei 'n mosie na die federale eweknie deurgestuur het, protesterende teen die toelating, sonder raadpleging en teen die wens van die federale universiteit in, van "an institution which ... is unnecessary and will lower the standard of the University's work".

Die TUK-reaksie kan tot 'n mate begryp en verklaar word. Die PUK was op hierdie stadium by hulle geaffilieer en dit was bloot natuurlik dat, gesien die opsigtelike probleme waarmee te doen gekry is en die gesukkel om kop bo water te hou, die PUK as 'n soort "maklike prooi" beskou kon word; te meer so as in gedagte gehou word die ou opvatting van net een universiteit in Transvaal (die Noorde) te wil hê. In hierdie verband kan ook gewys word op gedagtes wat in 1919 vaardig was, naamlik dat sowel die Johannesburg School of Mines as die PUK by die TUK ingelyf behoort te word.¹⁶⁵ Selfs die piepklein Huguenote Kollege het, by wyse van korrespondensie met die TUK, geprotesteer en gewonder oor die verlaging van standaarde en swak personeel en oor die wenslikheid om staatsgeld aan te wend vir wat beskou is as 'n denominasionale instelling.¹⁶⁶

Maar ook van buite die federale opset was daar

bedenkinge. Tydens die derde lesingdebat in die Volksraad het daar van die kant van die Universiteit van Kaapstad bedenkinge by monde van die volksraadslid vir Albanië, FJW van der Riet, na vore gekom: die PUK sou dan nie oor voldoende fasilitate of bekwame personeel beskik "to give the degree of education up to the standard of education required by the Cape Town University".

Minister van Onderwys Patrick Duncan het dit betreur dat Van der Riet se geopperde besware nie langs die gewone kanale voorgelê is nie, maar hom die verskering gegee: standaarde word deur die federale universiteit gestel. Hy het sy volle vertroue in die PUK uitgespreek, dat hulle goeie werk sou lewer en nie die standaard van opleiding in Suid-Afrika sou verlaag nie.¹⁶⁷

Die teenkanting teen die PUK se toelating is ook uiteengesit deur die Pretoriase koerant De Volkstem, in 'n hoofartikel onder opskrif "Mooirivier se aspirasies".

Maar daar was ook stemme wat vir die PUK in die bres getree het, wat hom minstens 'n kans wou gee. Die Raad van Rhodes Universiteit het by die TUK daarop aangedring om sy aanval op die PUK in sy voorgestelde mosie aan die federale Senaat te skrap terwyl prof JH Hofmeyr, van die wordende Universiteit van die Witwatersrand, in reaksie op die drastiese mosie van die TUK getuig het dat die PUK die voorafgaande vyf jaar goeie werk verrig en in sekere vakke 'n hoë standaard bereik het. Hy vra dat eerder duidelike riglyne vir die toekoms neergelê sal word.¹⁶⁸

Tydens die jaarlikse sitting van die Raad en Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika, vroeg in Julie te Pietermaritzburg, het die inkorporasie van die PUK warm debatte ontlok. Onderdrukte verontwaardiging spreek uit die eenparig aanvaarde mosie van prof Gundry in die Senaat, met die besluit dat dit onder die minister se aandag gebring moes word: "This Senate enters a protest against the incorporation of the University College, Potchefstroom, as a Constituent College of the University of South Africa without consultation of that body, and respectfully request that in future the views of the Senate may be heard before the incorporation of such additional Colleges."¹⁶⁹

In die Raad is 'n brief van die sekretaris van Onderwys voorgelees waarin die twee beheerliggame van die federale universiteit in kennis gestel word van die regering se besluit tot inkorporasie van die PUK. Koue, harde amptelike feite in die gebruiklike amptenaretaal spel dit duidelik uit: die koeël is deur die kerk: "My is opgedra om ter kennis van u Raad en Senaat te breng ..." dat die parlement die privaat wetsontwerp goedgekeur het "en dat sy Koninklike



1.8 Kort tussenspel (1919 - 1921): "Vir Christelike Hoër Onderwys"

Hoogheid die Goewerneur-generaal goedgevind het om sy goedkeuring aan genoemde wetsontwerp te heg.” Verder: “My is opgedra om hierby te voeg ...” dat proklamasie ooreenkomsdig artikel 31 van die Universiteit van Suid-Afrika Wet by sy Koninklike Hoogheid aanbeveel word.¹⁷⁰

Die Raad het ook die April-mosie van prof Kidd aanvaar en besluit om dit deur te gee na die minister, vir oorweging tydens ‘n voorgestelde informele konferensie in September.¹⁷¹ Verder is besluit om die Senaatsbesluit (die Gundry-mosie) oor die saak wel deur te gee na die minister, maar hierdie liggaam is so liggies op hul vingers getik: “In hierdie verband het die Vise-Kanselier, in antwoord op ‘n vraag van prof Kidd, bepaal dat die Senaat g’n reg het om die sekretaris van Onderwys te nader of met hulle briefwisseling te voer nie, behalwe deur tussenkoms van die Raad.”¹⁷²

Al die kritiek en negatiewe kommentaar was egter mosterd na die maal, gedane sake wat geen keer had nie. By wyse van proklamasie in die Staatskoerant van 15 Julie 1921 is formeel kennis gegee van inkorporering van die PUK by die Universiteit van Suid-Afrika.¹⁷³

En so het die Potchefstroomse Universiteitskollege, by wyse van Private Wet nr. 25 van 1921 en amptelik aangekondig in die Staatskoerant van 15 Julie 1921, sy beslag gekry as samstellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika. Al was dit, soos rektor Postma later hierna sou verwys, onder ‘n “verminkte vaandel”. In die jare wat kom sou wel deeglik maar binne die universiteitsisteem gebruik gemaak word van die reg van protes teen die gewraakte gewetensklousule, wat die direkte oorsaak was vir die prysgawe van die PUK se karakteriserende “van”.

Die omstandighede rondom inkorporering en die houding van minstens sommige van die nuwe kollegas waarmee vorentoe in een span saamgetrek moes word, het die PUK in die posisie van ‘n ietwat onwelkomme stiefkind, ‘n onbeplande en ietwat onwelkomme laatlam geplaas. Vorentoe sou hierdie nuweling sy voortgesette bestaansreg binne die breër opset en te midde van wantrouige medestanders moes bewys.

Dit sou hoë eise aan vaartuig, bemanning en stuurman stel.